DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

27 Oktober1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

NP NUWE LYER GEEN VISIE DONKER TOEKOMS

Deurbraak! Kyk wie adverteer by ons! - 11

# Die ANC is terug!

Elsabé Wessels

**DIE ANC is terug!**

Een van die grootste skares in die geskiedenis word Sondag by Soccer City buite Johannesburg verwag wanneer sewe senior ANC-leiers hul eerste openbare vergadering sedert 1962 toespreek.

Die ANC-leiers wat op die verhoog stelling sal inneem, is Walter Sisulu, Govan Mbeki, Oscar Mphetha, Raymond Mhlaba, Wilton Mkwayi, Elias Motsoaledi en Andrew Melangeni. Sisulu sal as die voormalige sekretaris-generaal van die ANC die hoofrede lewer.

Ambassadeurs, proggresiewe tuislandleiers en kerkleiers is onder die hooggeplaastes wat die saamtrek sal bywoon.

Hoewel die saamtrek weens die heersende verbod op die organisasie nie in die naam van die ANC mag geskied nie, sal die agt vrygelate gevangenes in hul kapasiteit as ANC-leiers by die saamtrek optree. Die teenwoordigheid van ANC-emblerne en vlae word ook verwag.

Volgens ingeligte bronne sal Sisulu en die ander sprekers belangwekkende beleidspunte op die saamtrek afkondig. Die bevryde ANC-leiers bly steeds in verbinding met die organisasies se hoofkwartier in Lusaka.

Hoewel die regering toestemming gegee het vir die saamtrek om gehou te word, het die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, dié week 'n skerp waarskuwing gerig dat die ANC steeds as 'n verbode organisasie beskou word en dat diegene wat in weerwil daarteen steeds die doelstellings van die ANC bevorder, vervolg sal word.

Weens die hoë profiel wat die vrygelate leiers in die buiteland geniet, word gemeen dat daar nie beperkings op die saamtrek geplaas sal word nie.

Die saamtrek, wat 'n verwelkomingsgebaar vir die agt vrygelate leiers is, is deur die nasionale ontvangskomitee, wat na die agt omsien, gereël. Twee leiers van die breë demokratiese beweging, die algemene sekretaris van die NUM, Cyril Ramaphosa, en die publisiteitsekretaris van die UDF, Murphy Morobe, sal as voorsitters by die saamtrek optree.

Organisasies van reg oor die land neem aan die beplanning deel. Volgens die organiseerders is vervoer van oor die hele Suid-Afrika georganiseer.

Vanuit Natal alleen is 50 busse, twee treine en 'n vliegtuig geskeduleer, terwyl daar gerapporteer is dat townships in die Noord-Transvaal honderde busse gereël het. Konvooie word ook vanuit Oos- en Wes-Kaapland en die Vrystaat verwag.

Tussen 800 en 1 000 beamptes, waarvan 200 net op die beskerming van die leierskap gerig is, word vir die geleentheid touwys gemaak.

Die saamtrek wat Sondagoggend om tienuur met kulturele items begin, sal tussen twaalfuur en 2.30 nm deur die leiers toegespreek word.

# Regse fanatici onthul plan vir bloedbad

Jacques Pauw

**OP die vooraand van een van die grootste en belangrikste politieke saamtrekke in die geskiedenis van versetpolitiek, het 'n groep ver-regse fanatici vandeesweek gedreig om iemand in 'n protesoptog te skiet om só geweld en bloedvergieting te ontketen.**

*Twee ekstremistiese leiers van 'n rassistiese kerkgroep, die Gemeente van die Verbondsvolk, het vandeesweek Vrye Weekblad se kantore besoek en 'n geweldsplan onthul om Suid-Afrika in 'n bloedbad te verander.*

Die twee leiers - wat nie hul name genoem wil hê nie - neem die afgelope weke deel aan protesoptogte wat in Johannesburg gehou word. Hulle het twee weke gelede deelgeneem aan die protesoptog teen die Wysigingswetsontwerp op Arbeidsverhoudinge om die "geweldspotensiaal in die optog te meet".

Die twee het besonder belanggestel om besonderhede te kry van Sondag se massasaamtrek naby Soweto om die vrygelate ANC-leiers terug te verwelkom. Sowat 100 000 mense word verwag in wat beskryf word as die ANC se eerste politieke saamtrek sedert die organisasie se verbanning 27 jaar gelede.

Die twee, wat gewapen was, sê die val van die leier van die AWB, Eugene Terre'Blanche, het 'n toenemende ongeduld en aggressie by ver-regses ontketen om voort te gaan met "wit bevryding" en die eliminering van swartmense.

Terre'Blanche, sê hulle, praat al vyftien jaar, maar doen niks. Beloftes wat hy gemaak het, sal nou niks van kom nie. Daarom is daar 'n groeiende getal ver-regse fanatici wat bymekaarkom en geweld en bloedvergieting beplan.

"Hy dreig nou al hoe lank om die protesoptogte stop te sit. Hy wil dit nie doen nie. Ons sál. En ons dreig nie net nie. Kyk maar wat gaan gebeur," sê hulle.

Die twee het verder onthul dat die Gemeente van die Verbondsvolk, wat die uitwissing van swartmense bepleit, beplan om plase, heel moontlik in die Noord-Transvaal, uit te koop en met 'n eie wit tuisland te begin.

'n Trust is reeds gestig om die aankope te doen en die tuisland te beheer. Geld word tans by gemeentelede ingesamel vir die aankope. Die twee sê etlike miljoene rande, onder meer afkomstig van boere wat plase in veral die Wes-Transvaal verkoop het, is beskikbaar vir die totstandkoming van die tuisland.

Beide leiers was senior lede van die AWB, maar het die organisasie kort ná die onthullings oor Terre'Blanche se persoonlike lewe verlaat.

Een van die mans, wat sy rewolwer voor hom op die tafel neergesit het, het gesê die onmiddellike doelwit van die Gemeente is om revolusie te ontketen sodat soveel swartmense as moontlik doodgeskiet kan word en 'n wit tuisland 'n werklikheid kan word.

"Ons strategie word haarfyn beplan. Ons het al saam met die massas marsjeer en het die emosie in die optogte self ervaar. Kan jy dink wat sal gebeur as 'n koeël uit 'n witman se pistool 'n kaffer moet neervel?" het die een gesê.

"Die optogte móét stopgesit word. FW de Klerk wil dit nie doen nie. Daarom sal ons dit self doen. 'n Goed geplaasde koeël sal Johannesburg laat brand. En dit is wat ons wil hê," het die een gesê.

Hulle het ook navraag gedoen oor 'n

*Vervolg op bladsy 2*

## Swapo se Boerseun



Foto: John Liebenberg

Danie Botha, een van Swapo se top-kandidate in volgende maand se verkiesing - sien bl 2

Nuwe eensgesindheid oor sanksiedruk - 2

*Vervolg van bladsy 1*

# Regse planne

nuutgestigte linkse Afrikaanse beweging, die Afrikaanse Demokrate. Hulle het dié groep met 'n plakkaat in een van die optogte sien deelneem.

Hulle is ten gunste van sanksies - "die enigste ding waar ons met Tutu saamstem" - sodat die revolusionêre klimaat aangeblaas kan word en die Jode verarm kan word.

Die haat teen die Jode kom baie duidelik na vore. Hulle het onder meer 'n smeerdokument vir Vrye Weekblad gegee wat glo van die Talmudiese Raad afkomstig is waarin planne gesmee word om die Suid-Afrikaanse ekonomie te vernietig en die uitwissing van die "Afrikaner-Boer" bespreek word.

Beide het gesê hulle is bereid om vir hulle saak te sterf. Al waarvoor hulle bid, is om soveel swartmense as moontlik saam met hulle te neem.

Wit Wolf Barend Strydom is 'n groot held. "Daar is niks met hom verkeerd nie. Wat hy gedoen het, is reg. Hy is een van ons." Hulle is lede van Strydom se verloofde se ondersteuningsgroep.

Selfs die pasiënt in die ambulans en die bejaarde vrou wat hy geskiet het, was reg, sê hulle. "Ons tref nie onderskeid tussen kaffers nie. Die een is soos die ander."

Oor die Wit Wolwe lag hulle net. Hulle weet nie of so organisasie regtig bestaan nie. Hulle is nie deel daarvan nie. Hulle is Israeliete van die Verbondsvolk, God se uitverkore volk. Hulle is rassiste en trots daarop.

* Die Gemeente van die Verbondsvolk glo hulle is die uitverkore mense van God. Net húlle kan die ewigheid beërwe. Anderskleuriges is almal heidene wat uitgewis moet word.

Die steun vir die Verbondsvolk het in die laaste maande aansienlik toegeneem en dienste en vergaderings word landwyd gehou. Daar is tans ses gemeentes in Transvaal, die Vrystaat en Noord-Kaapland.

Op 'n onlangse vergadering op Potchefstroom het die leier, ds Gert Steenkamp, gesê: "En wat die kaffers betref: gelukkig sal vigs nou die ding aan hulle doen wat gedoen moet word. Laat hulle vrek neerslaan."

# Swapo se Boerseun

**Charles Leonard**

IN swart bevrydingstaal is daar 'n gesegde wat sê waar die spies val, is daar altyd 'n volgende kryger om dit op te tel. Die gevalle spies is Anton Lubowski s'n, en vandeesweek het Danie Botha na vore getree as Swapo se voorste wit stryder.

Dit is 'n rol wat dié toegewyde Christen-teoloog onwillig sal aanvaar. Hy is dié week genomineer as een van Swapo se ses wit kandidate vir Namibia se Wetgewende Vergadering wat in November gekies gaan word.

Hy is hoog, nommer 26, op die voorkeurlys van 72 kandidate wat in Windhoek bekend gemaak is.

Dit beteken dat hy deel sal wees van Swapo se afvaardiging al kry hulle net 36 persent van die stemme op hulle verenig.

Die 35-jarige Botha is 'n Bybelkunde-dosent aan die Akademie in Windhoek, waar hy sedert 1984 klas gee.

Hy is onverhoeds betrap deur die skielike opskudding wat sy nominasie veroorsaak het.

"Ek is nie 'n aktiewe lid van Swapo nie, maar staan vir sosiale geregtigheid en kan my daarom met die party versoen," sê dié produk van die Universiteit van Stellenbosch se Kweekskool.

"Ek soek beslis nie publisiteit nie," sê hy. "Ek gaan bloot help optrek aan die nuwe grondwet vir Namibia."

Botha is in Kaapstad gebore en het aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in dié stad gematrikuleer.

"Ek het in 'n Nasionale huis grootgeword. Dit was ook 'n Christelike huis," sê die neef van oud-minister Fanie Botha.

"Hulle het my geleer dat elke mens na die beeld van God geskape is en so gerespekteer moet word. Dit is vandag nog my houding as belydende Christen," sê hy.

Hy glo Swapo het hom genomineer as teoloog. Daar is talle teoloë op die lys van 72 Namibiane.

"Die regeringspropoganda dat Swapo antichristelik is, is totale onsin. Behalwe dat daar talle predikante op die lys is, bewys die dertiende posisie van eerw Zephania Kameeta die belangrikheid wat Swapo aan die kerk en godsdiens heg."

Kameeta is Swapo se sekretaris van Gesondheid en Welsyn op die Nasionale Bestuur in Windhoek en adjunk-biskop in die Evangeliese Lutherse Kerk in Namibia.

"Daar was geen voorstel dat ek as parlementslid op die Swapo politieke platform moet dien nie," voeg hy by.

Politiek in Namibia, soos in enige land, is egter baie vloeibaar en dalk gaan hy tog dié man wees wat Lubowski se spies moet optel.

* Die ander wit genomineerdes is Hartmut Ruppel, Buddy Wentworth, Michaela Huebschle, Siegfried Wolher en Anton von Wietersheim.

# Druk Suid-Afrika, vra kerkleiers

**Elsabé Wessels**

Na twee weke van verwarring oor wat die breë demokratiese beweging se standpunt oor voortgesette sanksies moet wees, het senior versetleiers gister 'n eenparige verklaring uitgereik waarin volgehoue sanksie-druk bepleit word.

Die internasionaal gesteunde voorstel dat pres FW de Klerk ses maande gegee word om aan onmiddellike voorvereistes vir onderhandeling te voldoen, is gister verwerp in 'n gesamentlike verklaring deur die vrygelate ANC-leier Walter Sisulu, die voorsitter van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, dr Allan Boesak, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, eerw Frank Chikane, en woordvoerders van die breë demokratiese beweging, Murphy Morobe en Sydney Mufamadi.

Sisulu het vroeër die week skerp gereageer op die internasionale voorstel dat die regering van president FW de Klerk ses maande gegee word om sy goeder trou ten opsigte van sy verklaarde veranderings te bewys.

In teenstelling met die buiteland se ses maande van grasie het politieke leiers, onder andere, die vrygelate ANC-leier Walter Sisulu, 'n sterk pleidooi vir verskerpte sanksies gelewer.

Sisulu het gereageer op berigte uit Kuala Lumpur waarvolgens Boesak steun sou toesê aan die plan om De Klerk se aksies oor die volgende maande dop te hou voordat nuwe sanksies bepleit word.

Boesak het gister aan Vrye Weekblad gesê dat hy nog altyd ten gunste van sanksies was en steeds glo dat die druk op die De Klerk-regering verlig moet word, alvorens daar aan onmiddellike politieke eise voldoen word. Dié eise is die opheffing van die noodtoestand en dié van beperkings op mense in terme van die noodtoestand en die Wet op Binnelandse Veiligheid, die vrylating van alle politieke aangehoudenes en gevangenes, die wettiging van politieke organisasies en die begenadiging van terdoodveroordeeldes en 'n moratorium op die uitspreek van die doodsvonnis.

Volgens Boesak kan daar onmiddellik aan dié eise onmiddellik voldoen word sonder dat die parlement bymekaar geroep word. Die klaarblyklike onwilligheid van De Klerk om gehoor te gee aan die voorwaardes dwing anti-apartheidsfronte om hernieude druk te versoek, sê Boesak.

Dié standpunt is vervat in die gesamentlike verklaring waarin nuwe en verskerpte algehele sanksies bepleit word.

In 'n vurige pleidooi teen sanksies het De Klerk dié week die statebondsbesluit veroordeel vir die stel van 'n tydtafel van ses maande en sanksies as een van die belangrike "struikelblokke" in die weg van betekenisvolle onderhandeling veroordeel.

Volgens De Klerk het sanksies geen positiewe trefkrag gehad op politieke verandering en die beweging in die rigting van onderhandeling nie - dit het net die teenoorgestelde uitwerking gehad, sê De Klerk.

Die periode van ses maande "grasie" wat deur die Statebondslande voorgehou word om De Klerk se hervormingsbeloftes te toets, word ook in Amerika gesteun.

Daarvolgens sal De Klerk tot 1 Februarie die kans gegee word om politieke gevangenes vry te laat, verbode politieke organisasies te wettig en die noodtoestand op te hef. Die skedule word egter deur De Klerk verwerp.

Die Demokratiese Party het hierdie week hul afkeur aan sanksies beklemtoon. Volgens die DP-medeleier dr Denis Worrall is die DP nie net gekant teen sanksies nie, maar steun die party aktiewe internasionale ekonomiese betrokkenheid in Suid-Afrika. Volgens Worrall bied die ekonomie die ware dinamiek vir verandering.

Die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, het enige vorm van sanksies dié week sterk gekritiseer en gesê dit sal slegs Suid-Afrika se wit regering hardkoppig maak om wit baasskap te behou. In die lig dat dit lyk asof die regering hervormingstappe onderneem, maak sanksies nie sin nie, sê Buthelezi.

Volgens Buthelezi kan sanksies 'n regse oorname teweegbring en 'n regering wat 'n beleid van verbrande aarde volg.


## Kom luister hoe die leiers praat!

**Sluit aan by Jodac, die Afrikaanse Demokrate, die Yeoville Residents' Association en Nusas vir die verwelkomingsaamtrek van die vrygelate ANC-leiers.**

**Gesamentlike vervoer sal Sondagoggend om 9.15 vanaf Yalestraat, naby die Planetarium, vertrek.**

Afrikaanse Demokrate, Posbus 93118, Yeoville 2143


# Stanger se hoofstraat heet nou Luthulistraat

**Christina Scott**

PLAASLIKE vraagstukke het 'n belangriker rol gespeel as nasionale eise in een van die vyf protesoptogte van die breë demokratiese beweging in Natal verlede naweek.

Saterdag het 5 000 jeugdiges aan 'n protesoptog in Ntuzuma, 'n pro-UDF township noord van Durban, deelgeneem. Die gebied lê geknyptang tussen twee KwaZulu-beheerde plakkerskampe.

Organiseerders het gesukkel om orde te handhaaf na vyf mans in 'n blou Ford Grenada met 'n Pinetown-registrasienommer vuurwapens op die skare gerig het wat die mense laat spaander het.

Die optog, gelei deur burgemeester Mandla Ndlovu, het oor 'n nou rif na die Ntuzuma-hof beweeg. Die bevelvoerder van die plaaslike polisiestasie het geweier om 'n petisie waarin polisiegeweld veroordeel word, te aanvaar. Die petisie eis ook dat die polisie op die vigilantes van die Lindelani-krotbuurte toeslaan. Twee impi's wat Inkatha se onderstebo-ANC kleure waai, het noord van die hofgebou, onder in die vallei en teen die oorkantste heuwel te voorskyn gekom oomblikke nadat die jeugdiges huiswaarts begin keer het.

Lede van die Suid-Afrikaanse en KwaZulu polisie het die impi's en die jeugdiges dopgehou en beweer dat hulle nie die vyf mans in die motor gesien het nie.

Enkele ure na die optog is 10 mense in die hospitaal weens skietwonde opgeneem, ses is dood en etlike strate en huise is met klippe en petrolbomme bestook in gevegte tussen UDF- en Inkatha-ondersteuners. 'n Biddiens van die Inkatha Women's Brigade (IWB) is terselfdertyd in 'n tent naby die hofgebou gehou.

Vier joernaliste wat die IWB-saamtrek bygewoon het, is aangerand en hul motor is deur 'n bende met assegaaie en pangas aangeval. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle spioene vir die UDF is.

Die aanval - wat deur laggende lede van die SAP en KwaZulu-polisie, asook die burgemeester van Lindelani en 'n voormalige lid van Inkatha se Sentrale Komitee, Mandla Shabalala, aanskou is - is deur die hoofman van Kwazulu, Mangosuthu Buthelezi, veroordeel.

In Stanger het 7 000 mense die hoofstraat na die oorlede ANC-leier en Nobel-vredespryswenner Albert Luthuli herdoop. Winnie Mandela en Luthuli se 87-jarige vrou Nokukhana, wat in 'n rolstoel gekluister is, het die optog van die hoofstraat na 'n saamtrek wat in die sportgronde van buiteklub gehou is, gelei. In Ladysmith het die mede-president van die UDF, Archie Gumede, 'n optog van 7 000 mense 7 kilometer ver gelei sonder om sy beperkingbevel te verbreek deur die skare toe te spreek of met die media te praat. - Durbanews

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Rooi gesigte oor advertensie-debakel

Elsabé Wessels

DIE direkteur-generaal van Buitelandse Sake, Neil van Heerden, het die week persoonlik ingegryp om te verduidelik waarom dié departement hulself distansieer van 'n advertensie wat teen R250 000 in die buiteland geplaas is.

Die advertensie, wat volgens die departement gehelp het "om die algemene beeld van Suid-Afrika oorsee te verbeter," is een van 'n reeks propaganda-advertensies oor die verklaarde hervormingsinisiatiewe van die regering wat die laaste tyd teen hoë kostes in verskeie Britse en Europese koerante verskyn het.

Die advertensies argumenteer sterk teen sanksies en disinvestering en verkondig die daeraad van "fundamentele politieke verandering".

Die debakel rondom die advertensie wat in die International Herald Tribune geplaas is, is deur Vrye Weekblad onthul nadat die departement verlede week op navraag hulself van die inhoud van die vier volbladadvertensiebylae gedistansieer het, omdat dit nie "huidige regeringsbeleid" weerspieël nie.

Van Heerden het die week in 'n brief aan Die Burger erken dat die "volle omvang" van die advertensieartikel nie die goedkeuring van die departement wegdra nie.

Volgens Van Heerden stem die departement nie saam met die aannames in die artikel nie: dat die NP-regering die Demokratiese Party as 'n bondgenoot beskou nie, of dat die regering op die drumpel van ingrypende politieke verandering sal staan deur 'n onderhandelingsklimaat te skep met die vrylating van Nelson Mandela, die skrap van oorblywende segregasiewette, die ophef van die noodtoestand en die erkenning deur die regering dat organisasis soos die ANC 'n rol te speel het in die land se politiek.

Volgens Van Heerden het die bylae oor 'n reeks onderwerpe gehandel waaroor daar gewoonlik "wanvoorstelling" of 'n "totale gebrek aan inligting" in die buitewêreld bestaan.

Die omstrede advertensie is in die International Herald Tribune, wat deur "top-persoonlikhede in die noordelike halfrond gelees word" geplaas, ten einde 'n "meer gebalanseerde perspektief oor die Suid-Afrikaanse politiek in die buiteland te bevorder", sê Van Heerden.

Van Heerden verwys in die brief na die "geweldige stryd" wat die regering het om 'n "meer sobere" standpunt teenoor Suid-Afrika in die buiteland oor te dra. "Die omstandighede waarin ons werk om 'n beter beeld van van Suid-Afrika oorsee te vestig, is moeilik. Daarom moet ons 'n idioom en styl kies wat oorsee begrypbaar en geloofwaardig is," sê Van Heerden.

Buitelandse Sake se hoofdirekteur belas met kommunikasies, dr Gerrit Viljoen, het dié week in 'n verdere verduideliking gesê dat die advertensie nie nagegaan is voordat dit geplaas is nie.

Volgens Sapa kon Olivier nie die week sê of binne-departementele stappe gedoen sal word oor die saak nie.

# Regter verwerp ou man se pleidooi

Phila Ngqumda

DIE Ciskeise Hooggeregshof het 'n aansoek van 79-jarige pensionaris van Nkqonkqweni dat die Ciskei se noodtoestand wat die hele gemeenskap in die Peelton-distrik raak, ongeldig verklaar word, van die hand gewys.

James Fikile Phindani het die geldigheid van die noodmaatreëls en die magte wat dit aan die Ciskeise polisie gee om inwoners se huise na hul goedkeuring te sloop, betwis. Hy het regter Wellem Heath gevra dat die maatreëls ultra vires (onregmatig) verklaar word.

Die ou man het die hofaansoek gedoen nadat byna die hele gemeenskap in Nkqonkqweni se huise gesloop is, hulle uitgesit en na verskeie stamhoofde gestuur is in 'n poging om hulle te hervestig.

Die hof het egter bevind dat die noodmaatreëls nie ultra vires is nie en daarom geldig is.

Regter Heath het ook beslis dat die staat regmatig opgetree het deur die inwoners uit te sit en hul huise te sloop nadat die inwoners die inlywing van Nkqonkqweni by die Ciskei teëgestaan het, en dat pres Lennox Sebe in die belang van die staat opgetree het om 'n noodtoestand in die gebied uit te roep.

Phindani woon al meer as 40 jaar in Nkqonkqweni en het sy viervertrekhuis met sy eie hande gebou. Na die polisie sy huis gesloop het, het hy by die Rooms-Katolieke Kerk gaan skuiling soek.

Hy het eers pensioen van die Ciskeise regering ontvang, maar is later in kennis gestel dat dit Suid-Afrika se verantwoordelikheid is. Hy is daarna weer verwittig dat die gebied by die Ciskei ingelyf gaan word en dat hy sy dokumente wéér sal moet verander. Hy het geweier en ontvang tans geen pensioen nie.

Sy seun, Herbert, en al die leiers van die Nkqonkqweni-gemeenskap is in aanhouding.

Reg tot appèl is geweier. - Veritas-nuusagentskap


# *Legendes van die Baai herenig*

Elsabé Wessels


DRIE politieke legendes van die Baai, Govan Mbeki, 79, Raymond Mhlaba, 68, en Wilton Mkwayi, 65, is dié week as "vry" manne verenig na sowat 'n kwarteeu in die tronk.

Mbeki was duidelik oorstelp om sy vriende te sien. Hy mag nie aangehaal word nie.

Dit was vir Mbeki, wat kort na sy vrylating in November 1987 aan streng inperkmaatreëls onderwerp is, 'n historiese herontmoeting met sy mede Rivonia-veroordeeldes.



Raymond Mhlaba *(Foto: Eric Miller - Afrapix)*



Govan Mbeki *(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*



Wilton Mkwayi *(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

Sy inperkbevel is die week met die goedkeuring van die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, tydelik opgehef toe hy toegelaat is om vir sewe dae van sy huis in New Brighton afwesig te wees.

Mbeki is in 1964 saam met Walter Sisulu, 77, die gewese sekretarisgeneraal van die ANC, Amhmed Kathrada, 60, Mhlaba, Elias Motsoaledi, 65, en Andrew Mlangeni, 63, op aanklagte van sabotasie tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.

Mbeki, wat nasionale voorsitter van die ANC was, se rol in die Verseteldtog van die jare vyftig het hom legendariese status in sy tuisdorp besorg.

Met Mbeki se vrylating ná 24 jaar was Mhlaba steeds op Robbeneiland terwyl Mkwayi na Pollsmoor oorgeplaas is.

Mbeki en Mhlaba het die week saam vanaf Port Elizabeth af Johannesburg toe gevleig.

Na Mbeki op Jan Smuts-lughawe aangekom het, het hy met sy prokureur, Priscilla Jana, gekonsulteer voordat hy met die ander ANC-leiers verenig is.

Met Mbeki se vrylating is daar bespiegel dat die omstandighede en gevolge rondom sy vrylating 'n bepalende rol sou speel in die vrylating van die ander veteraan-aktiviste.

Deur sy inperking is hy effektief verhoed om sy politiek in dié openbaar uit te leef, hoewel hy die laaste twee jaar 'n sleutelrol in die Baai se versetpolitiek speel.

Volgens Mbeki se inperkbevel mag hy nie onderhoude toestaan nie, nie met meer as 10 mense op 'n slag praat nie en geen artikels publiseer nie.

Mbeki se seun Thabo is die ANC se sekretaris van buitelandse sake terwyl sy ander seun Moeletsi 'n navorser in Zimbabwe is.

# Girls High wag nog vir oopstelling

Anton Steenkamp

DIE bestuurskomitee en leerlinge van die Johannesburg High School for Girls (JHSG) wag nog op verdere verheldering van die drie opsies wat die minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), Piet Clase, aan hulle gestel het voordat hulle sal weet of die skool aan die einde van die jaar gesluit gaan word of nie.

As die regering steeds weier om die staatskool vir alle rasse oop te stel, bly twee opsies - die privatisering van die skool of die verklaring van Berea tot vryevestigingsgebied - vir die skool oor.

Nadat hulle drie weke lank vergeefs op 'n antwoord van Clase gewag het, het die bestuurskomitee verlede week nog 'n brief aan hom gestuur om 'n afspraak met hom te maak.

Dié week is die bestuurskomitee in kennis gestel dat hulle op 8 November met JDV Terblanche, die superintendent-generaal van die departement van Onderwys en Kultuur, 'n afspraak kan kry.

Volgens die voorsitter van die Save Our School Committee, Sharon Bond, is dit heeltemal onvoldoende.

"Hulle probeer ons toegooi onder 'red tape' en tyd wen, maar oor 'n bietjie meer as 'n maand sluit die skool! Hierdie is 'n kwessie van nasionale opvoeding, nie net van een skool of net van Clase se departement nie."

Bond het Dinsdag ook in briewe aan die minister van Nasionale Opvoeding, Gerrit Viljoen, en aan die staatspresident, FW de Klerk, gevra om dringend aandag aan die saak te gee.

"FW de Klerk moet ophou praat oor hervorming en 'n slag iets daadwerkliks doen," sê Bond driftig.

"Die toekoms van die land behoort aan die kinders. My dogter, en die oorweldigende meerderheid van die ander dogters in die skool, wil graag in 'n nie-rassige omgewing skoolgaan wat hulle voorberei vir die toekoms.

"Wat help dit jy laat agt mense uit die tronk vry, maar jy's nie bereid om die kinders voor te berei vir die toekoms nie?"

'n Tussentydse bestuurskomitee, met verteenwoordigers van ouers, onderwysers, mense in die gemeenskap (wit en swart), prokureurs en sakemense is reeds op die been gebring met die oog op volgende jaar. Indien nodig, sal hulle 'n voorlopige subsidie uit die private sektor kan kry om JHSG as 'n private skool te bedryf, sê Bond.

"Maar hoekom moet sake-ondernemings 93 persent van die subsidie betaal, net omdat ons swart leerlinge in die skool wil toelaat?"

# Stellenbosch-studente steeds hof toe oor stappery

Anton Steenkamp

STELLENBOSSE studente en werkers wat op 5 September vanjaar aan 'n optog op die dorp deelgeneem het, moet op 27 November in die landdroshof verskyn op 'n aanklag dat hulle aan 'n onwettige byeenkoms deelgeneem het, ondanks die feit dat soortgelyke aanklagte teen almal wat in Kaapstad aan 'n optog deelgeneem het, teruggetrek is.

Die 28 Stellenbossers wat aangekla is, onder wie die Nusas-voorsitter, Leslee Durr, het reeds twee maal in die hof verskyn, maar is nog nie gevra om te pleit nie.

'n Ontstoke student het dié week gesê: "Waarom word ons steeds aangekla, terwyl optogte sedertdien al omtrent orals plaasgevind het? FW de Klerk sê dan die reg op vreedsame protes word erken, en meer as 'n duisend mense in die Kaap se aanklagte is teruggetrek!

"Hier loop nou selfs 'n gerug rond dat die Prokureur-Generaal, Niel Rossouw, hoë vriende in die Universiteit het wat graag van die 'betogers' 'n voorbeeld wil maak."

Rossouw kon ongelukkig nie vir kommentaar opgespoor word nie.

# Nasionale Welkom-terug Saamtrek

# DIE LEIERS PRAAT

**Walter Sisulu ● Govan Mbeki**
**Oscar Mpheta ● Elias Motsoaledi**
**Andrew Mlangeni ● Wilton Mkwayi**
**Raymond Mhlaba ● Ahmed Kathrada**



**29 Oktober '89**

**Saamtrek 12nm tot 2.30nm, Soccer City, JHB**


# Helde van die mense vrygelaat na 26 jaar

**Musiek & kultuur: 10vm tot 12nm; 2.30nm tot 4nm**

*-Almal is welkom -*

*Uitgereik deur: NRC - Die saamtrek sal voortgaan, nieteenstaande slegte weer. Bring sambrele.*

# Sluipmoorde: bewyse teen polisie stapel op



David Webster *(Foto: Eric Miller)*

**Jacques Pauw**

DIE verhaal rondom Suid-Afrika se vermoorde, ontvoerde en verdwene anti-apartheidsaktiviste het vandeesweek 'n nuwe wending geneem na die erkenning van 'n gewese veiligheidspolisieman dat hy lid was van 'n polisiebende wat politieke sluipmoorde moes uitvoer.

Ondanks heftige ontkennings deur die owerhede word daar nou al vir jare vinger na die polisie gewys vir hulle aandeel in politieke sluipmoorde. Meer as 100 aktiviste is die afgelope vyftien jaar vermoor - 47 van hulle binne die landsgrense.

Oor die jare heen het leidrade wat dui op die bestaan van geheimsinnige polisie-moordbendes net te veel na vore gekom om toevallig te wees, meen Mark Phillips, navorser van die Instituut van Beleidstudies aan Wits.

Misdaad in Suid-Afrika het twee gesigte: gewone kriminele misdaad en polities-verbinde misdaad. Oor die oplossing en suksessyfer van eersgenoemde spog die polisie graag: hulle los tussen 50 en 89 persent van dié misdade op.

Politieke misdade is 'n ander storie: die publiek hoor heeltemal te dikwels: "Daar is min vordering en die ondersoek duur voort." Inteendeel, slegs een politieke sluipmoord is die afgelope twaalf jaar opgelos.

Anti-apartheidsorganisasies aanvaar lank reeds dat vermoorde lede se moordenaars nie gevang en verdwene aktiviste nie opgespoor gaan word nie.

In die buiteland word Suid-Afrika reeds jare daarvan beskuldig dat sy polisiemag 'n spesiale eenheid het, geskoei op die lees van die gevreesde Argentynse moordbendes, om vyande van die regime uit te skakel.

In Februarie vanjaar het die Amerikaanse departement van buitelandse sake in 'n verslag gesê dat hy bewyse het vir die bestaan van Suid-Afrikaanse moordbendes. In Mei het die Verenigde Volke vir 'n internasionale kommissie gevra om dié bendes te ondersoek.

Vandeesweek se onthullings deur Butana Almond Nofomela is die duidelikste bewys tot dusver vir die bestaan van die bendes. Nofomela, wat tans in die dodeselle weens moord sit, het gesê hy was lid van 'n moordbende wat die aktivis en prokureur Griffiths Mxenge agt jaar gelede vermoor het. Hy was betrokke by nog agt ander politieke moorde.

Die minsters van Wet en Orde en Justisie, Adriaan Vlok en Kobie Coetzee, het ná Nofomela se onthullings 'n kommissie van ondersoek aangestel om die aantygings te ondersoek.

Die polisie self het onmiddellik Nofomela se onthullings ontken. Genl Herman Stadler, hoof van openbare betrekkinge, sê: "Ons neem kennis van die bewerings en sal dit ondersoek. Ek ontken dat polisie-moordbendes bestaan, maar as individue betrokke is, is dit heeltemal 'n ander situasie."

Nofomela is nie die eerste polisieman wat sulke bewerings maak nie. In 1988 het 'n gewese lid van die ANC wat toe 'n polisieman geword het, Bongani Jonas, in die Kaapstadse Hooggeregshof getuig dat die polisie moordbendes uit gewese ANC-guerrillas saamgestel het.

Jonas sê hy is in 1987 deur die polisie verwond en in hegtenis geneem. Hy is kort daarna gewerf om lid van die "Askari's" te word. Lede van dié eenheid moes in townships rondgaan, ANC-lede soek en doodskiet. Hulle het ook guerrillas in Botswana gaan vermoor.

Aanslae teen anti-apartheidsaktiviste in die buiteland het die afgelope jare ontstellend toegeneem. Daar was vanjaar gemiddeld elke twaalf dae 'n aanslag op 'n anti-apartheidsaktivis buite Suid-Afrika.

Die sluipmoorde in die buiteland het gevolg op 'n verklaring van die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, dat "waar die ANC ook al is, ons sal hulle elimineer."

Die ANC se verteenwoordiger in Frankryk, Dulcie September, die verteenwoordiger in België, Godfrey Motsepe, en regsprofessor Albie Sachs in Mosambiek is in die daaropvolgende paar weke aangeval.

In 'n toespraak verlede jaar het Malan gesê dat Suid-Afrika, soos talle ander lande, soms van onkonvensionele metodes gebruik maak om politieke doelwitte te bereik. Maar soos andere, het hy gesê, praat ons nie daaroor nie.

Bewerings oor moordebendes is ook al deur 'n gewese Europese verteenwoordiger van Renamo, Paulo Oliveira, gemaak. Hy het gesê dié bendes was agter die moord op die gewese sekretaris-generaal van dié beweging, Orlands Christina.

Van die bekendste aktiviste wat in die laaste jare vermoor is, was die antropoloog dr David Webster (1989), dr Rick Turner (1978), dr Fabian Ribeiro (1986), Griffith Mxenge (1981) en sy vrou Victoria (1985), die Cradock Vier - Mathew Goniwe, Sparrow Mkhonto, Ford Calata en Sicelo Mhlawuli (1985) en Dulcie September (1988).

# Niks is so groen soos 'n tienrandnoot nie

**Charles Leonard**

AS 'n groengesinde het ek geen gras onder my voete laat groei om uit te vind van die nuwe Ekologie Party nie.

Hulle bevind hulself in die vorm van die 58-jarige bemarkingskonsultant, Colin Slater, in die hoër middelklas-woonbuurt, Randburg.

Hy het die idee vir die party gekry toe hy vir 'n ruk in Duitsland gewoon en gesien het hoe die Groenparty groei.

Hy vertel so tussen die telefoonoproepe van belangstellendes deur dat die enigste ooreenkoms tussen sy party en die Groenes die skepping van 'n omgewingsbewustheid is.

Verder laat die Groenes hom rooi sien. In Duitsland is hulle 'n groep wat in ekologie, nie-gewelddadige optrede en grassroots-demokrasie glo. Hulle glo nie aan verdere industriële uitbreiding nie.

Vroue-, vredes- en anti-kernkraggroepe speel 'n leidende rol in die Groenes.

Slater sê sy party is onbeskaamd kapitalisties. Hy is só kapitalisties dat hy my vier keer tydens die onderhoud gevra het dat ek sy party se adres in die koerant moet plaas en daarby vra vir befondsing. Hy was verras toe ek gelag het vir sy versoeke.

"Die Groenes is 'n klomp ver-linkses en ons wil niks met hulle te doen hê nie. Ons soek 'n Suid-Afrikaanse oplossing vir 'n Suid-Afrikaanse probleem," sê hy.

Vir die ekologiese aktivistegroep, Earthlife Africa, het hy ook nie veel ooghare nie. Hy voel dieselfde oor hulle as oor die Groenes.

Slater se oë is duidelik op die parlement gerig. Magspolitiek en geld is die ding.

Op die vraag of daar kans op samewerking met ander omgewingsbewustes is, is hy beslis: "Hulle kan by óns aansluit. Daar hoef nie 'n sambreelliggaam van dié organisasies te wees nie. Die Ekologie Party is daardie sambreelliggaam," verseker hy dié land se Groenes.

Anders as die Groenes wil hy ook op konvensionele manier van die parlementêre strukture gebruik maak en kandidate vir die driekamer-parlement stel.

Die belangstellende swart nagwag waarna Slater in elke personderhoud verwys, kan ongelukkig nie die Ekologie Party help stig nie. Slater-hulle het 500 geregistreerde kiesers nodig om volgens die Kieswet geregistreer te word.

As dié nagwag dalk sosialisties ingestel is, het hy ook nie veel van 'n kans in die Ekologie Party nie.

"Ons gaan nie teen die kapitaliste werk nie. Ons gaan net teen mense werk wat ons land besoedel," sê Slater.

Hy vryf al klaar sy hande vir groot kapitaal - dit is nou dié wat volgens Slater nie besoedelaars is nie - se gewete-geld of sosiale opheffingsprogramme.

Die Ekologie Party was Slater se geesteskind.

"Nee, ek het niemand geraadpleeg toe ek dié party gestig het nie." Hy het ook nog nie met buite-parlementêre groepe of besorgde vakbonde gepraat nie.

Hy weet nie van die Koeberg Alertgroep nie, maar sê dat daar streng beheer oor Koeberg moet wees. Hy beskou egter kernkrag as 'n voldonge feit.

Hy was ook onbewus van die voorgestelde hawe aan die Weskus, Peacock-baai, waar giftige afvalstowwe van oorsee ingevoer gaan word. Earthlife Africa, wat 'n heftige veldtog teen dié planne voer, kan by hom kom raad vra as hulle wil, sê hy.

Die vraag oor watter uitwerking apartheid op die ekologie van ons land het, het hom onverhoeds betrap. "Daar sal diep navorsing oor gedoen moet word," het hy probeer gerusstel.

"Die swartes moet opgevoed word oor omgewingsake. Hulle weet naby aan nul persent van ekologie," sê hy en antwoord nog 'n oproep.

Toe ek loop, weet ek sy party gaan groei. Ek weet ook dat mense wat teen kapitalisme, seksisme, rassisme gekant is en grassroots-demokrasie voorstaan, hul politieke tuiste elders moet gaan soek.

Ek neem aan dat hulle glad nie te lekker aan dieselfde wa sal trek as 'n partyleier wat op 'n stigtingsvergadering van sy party aan 'n Earthlife Africa-vroulid gesê het: "Listen here, sweety ..."

# Suid-Afrika se leiers (8): Carel Boshoff

**Anton Steenkamp**

CAREL WILLEM HENDRIK BOSHOFF, 61, voorsitter van die Afrikaner-Volkswag, is op 9 November 1927 op Nylstroom in die Transvaal gebore.

Hy was die tweede kind uit sy pa se tweede huwelik - hy het twaalf broers en susters gehad - en het op 'n beesplaas in die Waterberg grootgeword.

Boshoff het aan die Universiteit van Pretoria in die teologie studeer, waar hy in 1948 sy BA-graad behaal het en in 1951 die B Div-graad. Terwyl hy sendingwerk vir die NG Kerk in Soweto en Lebowa gedoen het, het hy 'n MA-graad in 1960 behaal.

In 1967 is hy as lektor aan Tukkies se teologiese fakulteit aangestel, en in 1968 het hy sy doktorsgraad behaal. Hy is later as professor in Sendingwetenskap aangestel.

In 1972 is Boshoff verkies tot voorsitter van die regse Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra). In 1980 het hy vir dr Gerrit Viljoen as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond opgevolg, maar hy het drie jaar later uit die Broederbond, waarvan hy 30 jaar lank lid was, bedank in teenstand tot die driekamer-parlement.

In 1984 was Boshoff en sy vrou, Anna (Hendrik Verwoerd se dogter) die stigtersvoorsitter en -ondervoorsitter van die Afrikaner-Volkswag (AV), wat as ver-regse opposisie tot die FAK gestig is.

Strydom se politieke denke is erg beïnvloed deur sy streng Afrikaneragtergrond. JG Strijdom, Eerste Minister van 1954 tot 1958, was 'n gereelde besoeker aan sy ouers se plaas in die Waterberg. Boshoff is ook beïnvloed deur sy skoonpa, HF Verwoerd.

Boshoff was voorheen hoofleier van die Voortrekkers en hy is 'n lid van die Vereniging van Oranjewerkers, wat hulle beywer vir 'n blanke tuisland.

Hy is ook 'n lid van Dagbreek Trust, Perskor se beheerliggaam, en van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die egpaar woon in Pretoria en het twee dogters en vyf seuns.

## VAKATURES

# CONGRESS OF SOUTH AFRICAN WRITERS (COSAW)

**Nasionale Uitgewer-Koördineerder**
Vereistes:
* 'n goeie kennis van komtemporêre progressiewe Suid-Afrikaanse skryfkuns
* vermoë om tydelike redakteurs, skeppende kunstenaars en ontwerpkunstenaars te koördineer en te organiseer
* kennis en vermoë om kontrakte met skrywers en ander uitgewers te onderhandel
* kennis van die nasionale en internasionale boekbedryf
* kennis van outeursaandele en onderhandeling van toestemming en regte namens outeurs
* vermoë om jaarlikse begrotings en finansiële verslae te ontwikkel
* vermoë om toepaslike advertensieveldtogte te organiseer
* rybewys

Die suksesvolle kandidaat sal in Johannesburg gebaseer wees, maar daar sal verwag word dat hy/sy landwyd sal reis.

**Nasionale Navorsingsamptenaar**
'n Geskikte gekwalifiseerde persoon waarvan verwag sal word om navorsing te doen oor die verskillende aspekte van die produksie en verspreiding van Suid-Afrikaanse letterkunde in al sy vorme, geskrewe en mondelings. Die inhoud en rigting van die navorsing sal verband hou met die ontwikkelende behoeftes van COSAW in die verskillende streke.
Die suksesvolle kandidaat moet oor 'n rybewys beskik en sal in die Wes-Kaapse (Athlone) kantore gesetel wees, maar daar sal van hom/haar verwag word om landwyd te reis.

**Nasionale Sekretaris/Administrateur**
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:
* tik/woordverwerking
* voorraadbeheer
* koördinering en verspreiding van publikasies
* opstel van debiet- en kredietkontrole en ander boekhoupligte

Aansoeker moet oor basiese rekenaarsvermoë beskik. Die pos is in Johannesburg gesetel.

**Nasionale Arbeidseenheid**
Daar is twee vakatures in die arbeidseenheid:
a) vir iemand om mondelingse en geskrewe publikasies van werkers te dokumenteer en te publiseer
b) vir iemand om met die ontwikkeling van 'n werkersteater en die opneem van tekste ens. te help.
Die Arbeidseenheid sal in Durban gesetel wees, maar daar sal van die suksesvolle kandidate verwag word om landwyd te reis.
'n Rybewys en die vermoë om ten minste een Afrika-taal te praat, is 'n voorvereiste.

**Streekskoördineerder (Wes-Kaap)**
Die streekskoördineerder sal verantwoordelik wees vir:
* die koördinering van COSAW-projekte in die Wes-Kaap
* die koördinering en administrasie van die kantoor
* leiding van die streekspan in COSAW-projekte
* skakeling met die uitvoerende streekskomitee en ander streeks- en nasionale strukture van COSAW
* samewerking met ander progressiewe organisasies in die streek.

Ondervinding in progressiewe organisasies, veral in die veld van kultuur en 'n vermoë om in 'n span te werk, sal tot jou voordeel strek.
Ons benodig 'n volwasse, verantwoordelike persoon met inisiatief wat op 'n sensitiewe manier met mense kan skakel.

**Streeksadministrateurs**
Die administrateur sal verantwoordelik wees vir:
* boekhou
* tik/woordverwerking
* algemene ontvangswerk
* liassering
* koördinering en verspreiding van publikasies

Ondervinding in organisasie, 'n belangstelling in letterkunde, inisiatief en die vermoë om onder druk te werk, sal tot jou voordeel strek.
Administrateurs word benodig in die volgende streke:
Wes-Kaap, Oos-Kaap, Oranje-Vrystaat.

**Streeks-publikasiebeamptes**
Die posisie behels skakeling en samewerking met streeks-COSAW-publikasie-komitees en redaksionele kollektiewe; die uitgee van COSAW-publikasies en die organisering van opleidingswerkwinkels vir voornemende skrywers.
Die publikasiebeamptes moet dus oor 'n wye kennis van die uitgewersbedryf beskik veral op die gebied van die skryfkuns, redigering, ontwerp en lessenaaruitgewery.
Publikasiebeamptes word in die volgende streke benodig:
Natal en Transvaal

**Veldwerkers**
Die veldwerker sal verantwoordelik wees om voornemende en gevestigde skrywers in plaaslike strukture te inkorporeër.
Die pos vereis:
* 'n verbondenheid tot die ontwikkeling van 'n people's letterkunde en progressiewe kultuur
* 'n geskiedenis van verbintenis met gemeenskapsorganisasies of vakbonde
* 'n dinamiese volwasse persoon wat sy/haar eie inisiatief kan gebruik en goed met mense kan kommunikeer
* oor die vermoë beskik om goed in 'n span te werk
* die vryheid om te reis en 'n rybewys
* kreatiwiteit, die vermoë om verslae te skryf en die vermoë om 'n Afrika-taal te praat, is 'n voorvereiste.

Veldwerkers word in die volgende streke benodig:
Oos-Kaap, Transvaal en Oranje-Vrystaat

**Bibliotekarisse**
Die bibliotekaris sal verantwoordelik wees vir die koördinering en instandhouding van die navorsingsentrum.
Die pos vereis:
* dieselfde vereistes as dié van die veldwerker sowel as
* navorsingsentrum- en biblioteekvaardighede
* die vermoë om programme te ontwikkel wat lees sal aanmoedig

Bibliotekarisse word in die volgende streke verlang:
Oos-Kaap, Oranje Vrystaat en Natal

**Stuur u aansoeke tesame met 'n CV, met besonderhede van kwalifikasies en ondervinding, asook die name van twee referente voor 7 November aan:**
**Die Nasionale Koördineerder**
**Posbus 421007**
**Fordsburg**
**2033**

# 'Het die kaalvoetvroue se nageslag dan moed verloor?'

**Irma Xenopoulos, die medevoorsitter van Vroue vir Vrede, is 'n paar weke gelede deur die polisie verjaag toe sy saam met duisende ander vroue na die Uniegebou wou marsjeer. Tog is dié Afrikanervrou hoegenaamd nie radikaal nie - net bekommerd oor 'n vreedsame, regverdige toekoms vir Suid-Afrika. ANTON STEENKAMP het met haar gesels**



Irma Xenopoulos (Foto: Afrapix)

'N MENS is half verbaas as jy Irma Xenopoulos ontmoet, en jy vind uit sy is Afrikaanssprekend - met so 'n van!

Irma, ofte wel Smartina Mara Johanna du Toit, het haar ouma se naam gekry. Haar ouma is so gedoop omdat háár pa tydens die Anglo-Boereoorlog na Ceylon verban is en baie smart daar verduur het. En volgens Afrikaner-tradisie moes Irma/Smartina, die eerste dogter, haar ouma se name kry.

Dit was 'n lang pad van Vereeniging, waar sy gebore is, en Germiston, waar sy aan die Hoërskool Vryburger gematrikuleer het, tot by 'n spoghuis in Sandton en die mede-voorsitterskap, saam met Alina Monyokoseli, van Vroue vir Vrede.

Irma het nie in 'n "politieke" huis grootgeword nie. Hoewel haar ouers waarskynlik die Nasionale Party by die stembus ondersteun het, het hulle nooit rassisties opgetree nie en almal menswaardig behandel.

Na skool het Irma by die Universiteit van Pretoria vir 'n BA-graad (Afrikaans en Duits) ingeskryf, maar sy is halfpad deur getroud en het opgeskop.

Sy en haar man het in Boksburg gewoon, en Irma het in Johannesburg in die inkoop-afdeling van 'n klerefabriek gewerk.

"Dit was toevallig so dat my beste vriendin by die fabriek 'n bruinvrou was, maar dit het geen politieke betekenis gehad nie. Gail het in Reigerpark gebly en ek in Boksburg, en ek het dikwels na werk saam met haar en haar man 'n geleentheid huis toe gekry."

Intussen is 'n dogter gebore en Irma het by die huis gebly om kind groot te maak. Sy en haar man het geskei, en sy is weer getroud met Taki Xenopoulos - "en 'n kitsgesin van nog vier kinders bygekry!"

Die draaipunt in Irma se lewe was die Soweto-onluste van 1976. "Toe het ek begin dink: Hoekom gebeur dit? Wat is dié mense se griewe? Dis waar my politieke bewussyn begin groei het."

Dit was ook die ontstaansjaar van Vroue vir Vrede. Die twee stigters, Cecile Cilliers en Bridget Oppenheimer, is ook aangegryp deur die skole-onrus en wou iets doen om beter begrip tussen swart en wit vroue te bewerkstellig om vir hul kinders 'n vreedsame toekoms te probeer verseker.

'n Groepie bekommerde vroue het op 4 September 1976 by Brenthurst, die Oppenheimer-woning, vergader en 'n afvaardiging na die destydse minister van Justisie, Jimmy Kruger, gestuur om hul kommer oor die regering se nantering van die gebeure uit te spreek.

Die afvaardiging het 'n vergadering by die Millpark-hotel in Johannesburg gehou om terug te rapporteer, en meer as 200 vroue uit alle dele van die bevolking het opgedaag. Vroue vir Vrede is gebore.

"Vir baie van die vroue was dit die eerste keer dat hulle mekaar as mense oor die apartheidsgrense heen leer ken het," vertel Irma, wat toe ook die eerste keer by 'n organisasie betrokke geraak het.

"Dit was 'n emosionele ervaring, maar emosie was nie genoeg nie. Die probleem was hoe om dit te verwesenlik."

Sedertdien het Vroue vir Vrede verskeie projekte begin om beter verhoudinge te bou en wedersydse vertroue te bewerkstellig. Dit het begin met sosiale byeenkomste, en vandag reël hulle kookdemonstrasies, naaldwerkklasse, besoeke aan ingeperktes en besprekings oor politieke aangeleenthede. Verteenwoordigers van VVV het al afgevaardigdes van die ANC in Lusaka en Harare ontmoet, en die organisasie het besluit om deel te neem aan die vredesoptog in Pretoria.

"Net die sosiale bymekaarkom in die begin was uiters nodig, net sodat mense mekaar kon leer ken en die aanvanklike wantroue afbreek. Apartheid het so goed gewerk dat vroue mekaar regtig nie geken het nie.

"Ek onthou nog toe ons die eerste keer in Lenasia bymekaargekom, en almal so styf rondgesit het. Die Indiërvroue het ons geleer om kerrie te maak, die Afrikanervroue het hul beste melktertresepte uitgehaal, en kort voor lank het ons land en sand gesels! Vandag is baie van ons ou vriendinne."

Die sosiale byeenkomste het baie gedoen om wedersydse begrip te kweek. "Selfs om te besef hoe moeilik dit is vir die swartvroue om van Soweto in Sandton te kom, is iets waaraan sommige wit vroue nooit gedink het nie. Die eerste maal is hulle ook gekonfronteer met die lewe in 'n township, die stofstrate, volgepropte huisies en besoedeling."

Vandag strek VVV se rol heelwat verder. Hulle vervul ook 'n rol as politieke drukgroep wat veral in die blanke gemeenskap probeer om mense bewus te maak van die gevolge van apartheid.

"Dis so maklik om, soos die apies, jou oë en ore toe te druk en niks verkeerd in die stelsel te sien nie. Mense moet bewus gemaak word van wat om hulle aan die gang is.

"Net deur saam met swart vroue te wees, saam projekte aan te pak, het 'n nuwe ervaringswêreld vir my oopgemaak. As skole en woonbuurte eers oopgestel word, dink ek dit sal 'n groot invloed hê op die honderde goeie Christenmense wat eenvoudig oningelig is oor die gevolge van apartheid."

Oor die Afrikanervrou se onbetrokkenheid het Irma veel te sê.

"Wat het geword van die murg wat ons veronderstel is om in ons pype te hê? Lyk my die vroue wat kaalvoet oor die Drakensberge getrek het vir hul vryheid, se nageslag het moed verloor om vir die vryheid van Suid-Afrika te veg!

"Tradisioneel het die Afrikanervrou sterk gestaan in die kerk, in die skool, in haar gemeenskap. Miskien het Afrikaners in die stad te materialisties geword. Dis net soveel makliker om saam met jou vriendinne te sit en tee drink as om betrokke te raak in die breër gemeenskap. Dit lyk my soms die Afrikaner het sy oorspronklike rebelsheid verloor, nou dat hy in 'n magsposisie is."

Dié ding van materialisme, herinner ek haar, is juis ook die een groot punt van kritiek wat soms teen VVV geopper word - die beeld van 'n klomp ryk vroue van die welgestelde noordelike voorstede van Johannesburg wat hul skuldkompleks wil verwerk.

"Ons skryf nie tjeks uit nie, ons dóén iets," is Irma se onmiddellike verweer.

"Juis dié vroue vir wie dit so maklik sou wees om hulle af te sluit agter hul hoë mure, gaan in die townships in, staan en kook daar saam op die Primus-stofies. Miskien voel hulle dubbeld so skuldig as hulle weer by die huis kom, ja, maar hulle sit nie net en kritiseer uit hulle leunstoele uit nie en hulle maak ook nie hul oë toe vir die gevolge van apartheidswetgewing nie."

Die swart vroue wat in VVV betrokke is, gee sy toe, is gematig eerder as radikaal. Die kritiek teen kapitalisme is dus nie so vurig soos, sê maar, in die vakbondbeweging nie.

Nietemin kry die swart vroue teenstand uit hul eie gemeenskap, maar hul standpunt is dat dit waarde het om saam met blanke vroue, kapitaliste of nie, 'n gedeelde toekoms uit te werk.

Ook die blanke vroue, wat van die ander kant af (ironies genoeg) soms as "radikale" of selfs "kommuniste" uitgekryt word, moet die moed van hul oortuiging hê om die teenstand uit hul eie gemeenskap te verduur en dit as 'n geleentheid vir bewusmaking te gebruik.

"Eendag sit ons by my boekklub en 'n Afrikaanse vriendin vra my wat Vroue vir Vrede nou eintlik doen," vertel Irma. "Toe dink ek by myself, my liewe mens, hier sit ons nou al amper twee jaar lank elke week langs mekaar, en jy weet nie eens wat ek doen nie!"

Die uiteinde was dat sy al vyftien vroue in die boekklub genooi het om die volgende week saam Alexandra toe te gaan om self te sien wat aangaan. Net twee het opgedaag.

"En dan het 'n mens morele oortuiging nodig om aan te hou veg."

Oor deelname aan die vredesoptog in Pretoria het sy nooit getwyfel nie, sê Irma. Binne die organisasie was daar aanvanklik meningsverskille, maar veral die swartvroue het daarop gestaan dat dit 'n vreedsame metode van verset was en hulle moes deelneem. Eindelik is 'n demokratiese besluit geneem om voort te gaan.

"Dis net ongeloorlik dat die vroue selfs verbied is om 'n kerkdiens by te woon, selfs al is net die optog verbied, en nie die kerkdiens nie. Dit maak net nie sin om die volle mag van die polisie op 'n groep vroue wat vreedsaam protesteer, los te laat nie.

"Dit het so 'n slegte indruk in die buiteland geskep, en ons doel was nie om ons land in die skande te steek nie, maar bloot om ons sê te sê."

Sy gee toe dat dit dalk 'n fout was om nie vooraf verlof te vra om te marsjeer nie. "Ons standpunt was dat dit 'n demokratiese reg is, en die staatspresident en verkeerspolisie is weke voor die tyd in kennis gestel. Maar daar was wel 'n herwaardering van die situasie."

Irma het vroeër vanjaar saam met 'n groep vroue wat deur Idasa genooi is, 'n vroue-afvaardiging van die ANC in Harare ontmoet.


"Wat my aangegryp het, is toe ons ons moes voorstel aan die groep, en die ANC-vroue staan een vir een op en sê: Ek is so-en-so, verbonde aan die ANC in Lusaka, oorspronklik van Kimberley; Ek is so-en-so, ANC-sending in Swede, oorspronklik van Diepkloof in Soweto; en ek besef, maar dié mense is óns mense, nie een of ander vyand van buite nie."

Verskille oor optrede het hulle wel gehad. "Geweld van alle kante is vir my onaanvaarbaar. Die geweld van Umkhonto we Sizwe, maar ook van die Suid-Afrikaanse regering.

"Ontkenning van regte kan ook geweld wees. Dit veroorsaak ook lyding, dis iets wat ons elke dag sien, maar blankes ervaar nie die lyding van institusionele geweld nie."

Voordat ons by die kantoortjie op Brenthurst uitstap, val my oog op die wen-plakkaat van die wedstryd vir skoolkinders wat VVV gereël het: "God bless Africa. Guide her rulers; Guard her children; and give her peace."


Liebermann Pottery




BESONDERSE EETGEREI
EETSTELLE, KERRIESTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE, BORDE, OONDSKOTTELS, SOPBAKKE, ENS IN VYF PRAGTIGE KLEURE
Veilig vir oond, mikrogolf en opwasmasjien.
Beskikbaar by meer as 300 winkels landwyd.
VIR NAVRAE, BEL (011) 786-1050
VIR JOU NAASTE WINKEL

# BEVRY DIE DEMOKRATIESE PROSES

**Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:**

1. **Die Noodtoestand te beëindig**
2. **Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef**
3. **Beperkings op demokratiese organisasies te skrap**
4. **Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig**

**'n Kongres met die tema "'n Nuwe Regsbenadering vir 'n Toekomstige Suid-Afrika" is die afgelope week deur die Sentrum vir Menseregtestudies aan die Universiteit van Pretoria aangebied. ANTON STEENKAMP het dit bygewoon**




**Anna Mongale as Justitia, die skildery wat deur Braam Kruger vir die regskongres in Pretoria geskilder is**

# Herverdeling van rykdom is nodig in 'n nuwe SA

DIE herverdeling van rykdom in 'n toekomstige Suid-Afrika het telkens ter sprake gekom tydens die kongres oor 'n nuwe regsbenadering.

Prof Dennis Davis van die Universiteit van Kaapstad en Khanya Motshadi van die Universiteit van die Witwatersrand het beide daarop gewys dat die nuwe Suid-Afrikaanse regering veral aanvanklik sal moet ingryp om die historiese ongelyke verdeling van grond en welvaart teen te werk.

Volgens Davis is die verdeling van grond en geld in Suid-Afrika, waar 'n handjievol blankes die oorgrote meerderheid besit, meer verwronge as op enige ander plek in die wêreld.

Dit beteken nie dat 'n toekomstige regering sommer net die rykes se grond moet vat en dit vir die armes gee nie. Verskeie metodes van herverdeling bestaan nou reeds, waarvan belasting maar een is.

Wat grond betref, kan dit nie bloot gekonfiskeer word nie, maar in die geval van afwesige grondbesitters of boere wat 'n hele klomp onbewerkte plase besit, kan onteiening teen redelike vergoeding dalk oorweeg word.

Davis het verwys na Zimbabwe, waar kleinboere sedert onafhanklikheid jaar vir jaar meer produktief is as die groot grondbaronne, as 'n bewys dat die produktiwiteit nie hoef te daal wanneer herverdeling plaasvind nie.

Dullah Omar, prokureur en vise-president van die UDF in Kaapland, het aan 'n vraagsteller verduidelik dat die konfiskering van private eiendom nie ter sprake is nie, maar dat die uitbuiting van werkers deur monopolie-kapitalistiese ondernemings aangespreek sal moet word.

# Werk nóú reeds aan arbeidswet

WERKERSREGTE sal voldoende erkenning moet geniet in arbeidswetgewing in 'n post-apartheid Suid-Afrika, het Donsie Khumalo, Noord-Transvaalse streeksekretaris van Cosatu, in 'n bespreking oor die arbeidsreg gesê.

Khumalo het gesê werkers het spesifieke eise wat aandag moet geniet, waaronder die reg om te werk, die reg om te staak, werkloosheidsversekering, kraamvoordele, 'n verpligte minimumloon op nywerheidsvlak en die afskaffing van diskriminerende maatreëls.

Arbeidsregprokureur Halton Cheadle en Reagan Jacobus, navorsingsbeampte aan die Sentrum vir Toegepaste Regstudies se arbeidseenheid, het met Khumalo saamgestem dat plaas- en huiswerkers dringend beskerming onder arbeidswetgewing nodig het en dat 'n toekomstige regering minder ingrypend moet inmeng in die bedingingsproses tussen werkgewers en werknemers.

Die drie sprekers het erken dat die reg om te werk nie afdwingbaar is nie, maar 'n doel om na te streef. Khumalo het voorgestel dat belasting in 'n sosialistiese stelsel of 'n gemengde ekonomie vir werkskepping aangewend word, eerder as groot militêre uitgawes, soos tans die geval is.

Cheadle het in antwoord op 'n vraag verduidelik dat die reg om te staak in enige stelsel beperk word. Gewoonlik bepaal wetgewing dat 'n staking net as laaste uitweg aangewend kan word as die proses van kollektiewe bedinging uitgeput is, en dat dit net geld vir 'n werklike dispuut op die vlak van die betrokke nywerheid.

Arbeidshervorming kan nie wag tot ná bevryding nie, het Jacobus gesê. Die Wet op Arbeidsverhoudinge moet nou reeds verander word, en die samesprekings tussen die werkgewersorganisasie Saccola en die vakbondbewegings Cosatu en Nactu is 'n bemoedigende stap in die rigting.

# Is Justitia 'n Afrikaan?

IS Justitia 'n Afrikaan? wou prof Johann van der Westhuizen, medediekteur van die Sentrum vir Menseregtestudies aan die Universiteit van Pretoria, by die opening van die kongres oor 'n nuwe regsbenadering weet. Hy het verwys na die skildery wat Braam Kruger vir die kongres geskilder is.

Die ou, klassieke beeld van Justitia, die beliggaming van geregtigheid, word deur Kruger as 'n swartvrou uitgebeeld om haar duidelik binne 'n Afrika-, en in besonder binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, te plaas.

Nietemin behou sy die klassieke simbole van geregtigheid, soos die skaal en die swaard. Haar een voet is op 'n militêre helm geplaas, en onder haar voete is ook 'n rugbybal, geld, vrugte en 'n televisiestel sigbaar.

In die idilliese, Westerse agtergrond, sien 'n mens beelde van 'n brandende township, 'n Casspir, mense wat na iemand in die water skiet, en eenkant loer 'n wit wolf uit.

Moet Justitia noodwendig, al is sy swart, in klassieke simbole ingeklee wees, of is daar iewers in Afrika 'n geheel en al verskillende Justitia teenwoordig? het Van der Westhuizen gevra.

Volgens hom aanvaar almal teen dié tyd dat verandering in Suid-Afrika noodsaaklik is en reeds begin plaasvind, maar wat almal nie altyd besef nie, is dat 'n nuwe Suid-Afrika noodwendig 'n nuwe regstelsel impliseer.

Aan die ander kant sal 'n groot deel van die regsproses onveranderd voortgaan, selfs binne 'n nuwe orde. Die dag na die geboorte van 'n post-apartheid Suid-Afrika, sal mense nog steeds verlief raak, trou, ongelukke maak, oor pryse en werksomstandighede stry en sake doen, en regsgeleerdes sal nog steeds sulke alledaagse sake moet hanteer.

Baie gesprekke, binne en buite die landsgrense, is die afgelope jare oor die reg in 'n veranderende samelewing gevoer, maar die Pretoria-kongres het die fokus verskuif na 'n nuwe regsbenadering in 'n toekomstige, post-apartheid en hopelik nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika, het Van der Westhuizen gesê.

Die legitimiteitskrisis van die huidige regstelsel het herhaaldelik in die loop van die kongres opgeduik, en prof Van der Westhuizen het reeds by die opening daarna verwys: "Die feit is dat baie Suid-Afrikaners nie ons huidige regstelsel aanvaar en vertrou nie, omdat hulle dit onder meer beskou as vreemde, "witmansreg" en 'n instrument van verdrukking in die hande van die heersers van die apartheidstaat.

As 'n mens dan vorentoe kyk na 'n apartheidsvrye samelewing, wil 'n mens aanvaar dat die regering ten minste 'n redelike graad van legitimiteit sal hê, maar dit beteken nie noodwendig dat die regstelsel werklik demokraties en regverdig sal wees en dat stabiliteit, vrede en voorspoed vir almal gewaarborg sal wees nie.

Teen die agtergrond van historiese ongelykhede sal 'n nuwe regstelsel moet voorsiening maak vir herverdeling, korrektiewe aksie en rekonstruksie.

'n Toekomstige regstelsel wat die behoeftes van Suid-Afrikaners aanspreek, moet gebou word, en bespreking is nodig om 'n menseregtekultuur in Suid-Afrika te vestig, het Van der Westhuizen gesê.

Onder die wye reeks onderwerpe wat op die kongres bespreek is, was die Regskommissie se verslag oor mense- en groepsregte, die ANC se grondwetlike riglyne, die erodering van die liberale aard van die Romeins-Hollandse Reg deur wetgewing, die rol van die howe, die verhouding tussen staat en onderdaan, herverdeling, arbeidsverhoudinge en vryheid van spraak.

Die sentrale temas was die soeke na 'n balans tussen meerderheidsregering en minderheidsbeskerming en die bou van 'n demokratiese menseregtekultuur.

"Mag alles wat op hierdie kongres gesê is, of ons nou saamstem of nie, bydra tot die bou van 'n demokratiese en trotse Suid-Afrika," het Van der Westhuizen dit saamgevat.

"Ek is een van daardie mense wat glo dat vryheid, gelykheid, demokrasie en geregtigheid nie skielik op jou afkom en dan vir altyd daar bly nie. Jy moet elke dag vir dié ideale werk en stry, en dit altyd jaloers bewaar en beskerm.

"As ek die laaste paragraaf van die Vryheidsmanifes lees, waar staan '...vir hierdie vryhede sal ons veg, sy aan sy, so lank ons lewe, totdat ons ons vryheid gewen het,' wil ek soms byvoeg: '...en vir ewig daarna'."

# Dlamini se droom van 'n nuwe orde

IN die Afrika-kultuur, sê prof Charles Dlamini van die Universiteit van Zoeloeland, is daar 'n geloof dat 'n droom wat aanhoudend terugkeer, uiteindelik waar word.

Die verwagting wat hy van 'n toekomstige regsbenadering koester, is 'n droom van verskanste burgerregte in 'n demokratiese samelewing. Maar dié droom gaan nie sommer bewaarheid word so gou soos apartheid afgeskaf word nie; dis 'n ideaal waarna voortdurend gestreef moet word.

In 'n bespreking oor die populêre verwagtings van 'n nuwe regsbenadering, het Dlamini verwys na die VSA, wat vandag as 'n model van demokrasie beskou word.

"Maar die leerstelling van afsonderlike maar gelyke geriewe is in ons leeftyd eers verwerp deur die Amerikaanse Hooggeregshof," sê hy. "En dit het gebeur omdat iemand in die Verenigde State ook 'n droom gehad het, en bereid was om daarvoor te veg."Soms word mense verwerp en gehaat omdat hulle droom; Josef is selfs deur sy broers verkoop, nadat hulle hom eers wou doodmaak.

Dlamini haal vir Audrey Blignaut in "Die Plesierboom" aan, waar sy droom oor verskillende bome wat sy vir verskillende mense plant.

"As ons 'n nuwe regsorde bou, is ons soos tuiniers wat 'n boom plant - hy moet voortdurend natgegooi en versorg word."

Apartheid het vir ons 'n slegte voorbeeld gestel, omdat die reg as 'n instrument van onderdrukking misbruik is. Elders in Afrika het onafhanklikheid nie gelei tot 'n opbloei van die beskerming van politieke en burgerregte nie.

"Daar is, helaas, 'n groot mate van realisme nodig wanneer ons oor die regsorde in 'n post-apartheid Suid-Afrika praat. Maar 'n mens-gesentreerde regsorde bly 'n ideaal om na te streef."

Dlamini voorsien dat die Romeins-Hollandse regsorde in 'n nuwe bedeling nie vervang sal word nie, maar uitgebou sal word om individuele regte te beskerm en die weg voor te berei vir die verskansing en ontwikkeling van sosio-ekonomiese regte.

Tiego Moseneke, 'n regsklerk en voormalige voorsitter van Wits se Black Students' Society, het in dieselfde bespreking gesê die positiewe elemente van inheemse tradisionele reg behoort ook in dié regsorde ingebou te word.

Die regbank sal meer verteenwoordigend moet wees om legitimeit onder die breë bevolking te kry - "op die oomblik bestaan dit, op een uitsondering na, uit bejaarde wit mans."

Regter Pierre Olivier en adv Arthur Chaskalson was dit met dié twee sprekers eens dat 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika waarskynlik deur onderhandeling tot stand gaan kom, en nie deur 'n gewelddadige revolusie nie.

Dit sal hopelik beteken dat die nuwe heersers nie bloot 'n nuwe regstelsel op die bevolking sal afdwing, miskien selfs met dieselfde onderdrukkende veiligheids- en ander wetgewing wat nou geld nie.

Al die sprekers het daarop gewys dat tradisionele individuele burgerregte in 'n Menseregte-handves verskans sal moet word, maar dat die staat ook aktief sal moet ingryp om die historiese wanbalans in die verdeling van welvaart en grond reg te stel.

Olivier, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Regskommissie, het minstens 60 apartheidswette gelys wat geskrap sal moet word voordat 'n nuwe, regverdige regsorde op die gesonde grondslag van die Romeins-Hollandse Reg gebou kan word.

Prof John Dugard van Wits, wat uit 'n suiwer liberale oogpunt geargumenteer en hom uitgespreek het teen die gevaar van 'n nuwe, linkse onverdraagsaamheid wat die regse onverdraagsaamheid van die huidige regering kan vervang, het later in die dag konsensus bereik met Dullah Omar, prokureur en vise-president van die UDF in Kaapland.

Hoewel Omar uit 'n sosiaal-demokratiese perspektief argumenteer, was hy en Dugard dit eens dat die verskansing van individuele regte in 'n toekomstige orde onontbeerlik is, en dat selfs 'n verteenwoordigende, demokraties-verkose regering se magte teenoor die landsburger deur 'n toetsingsreg van die howe beperk moet word.

NUWE AANKOPE: TSONGA/SHANGAAN & LOBEDU
Kralewerk, mandjies, hout en instrumente
ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is
african magic
spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

# SAB'S WAGE OFFER

## THE FACTS

SAB's final wage offer to 6000 workers represented by the Food and Allied Workers Union (FAWU) was made on September 8th 1989 after negotiations, conciliation boards and mediation had failed to produce a settlement. FAWU, whose original demands totalled 300%, are still demanding 150%. Our offer is summarised as follows:

| | GRADE 1 | GRADE 2 | GRADE 3 | GRADE 4 | GRADE 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **MINIMUM BASIC PER HOUR** | R5,45 | R5,65 | R5,85 | R6,55 | R7,50 |

Typical jobs by grade would be:

GRADE 1 — Sweeper, unskilled labourer
GRADE 3 — Machine attendant
GRADE 5 — Heavy duty driver

**ACTUAL MONTHLY MINIMUM:** (Namely minimum basic per hour x normal hours per week x 52 weeks per year ÷ 12 months plus GUARANTEED allowances and premiums)

| | GRADE 1 | GRADE 2 | GRADE 3 | GRADE 4 | GRADE 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Day Worker | R1063 | R1102 | R1141 | R1277 | R1463 |
| Normal Shift Worker | R1134 | R1175 | R1217 | R1362 | R1560 |
| Continuous Shift Worker | R1417 | R1469 | R1521 | R1703 | R1950 |

**ACTUAL REAL MONTHLY INCOME:**

(In addition to the above GUARANTEED actual monthly minimums, all workers are entitled to meal subsidies, free beer monthly to take home, free beer after hours in Company pubs, Long Service Allowances and four weeks bonus. SAB calculate these additional benefits, which ALL workers are entitled to, at R153 per month. This figure EXCLUDES overtime pay, and all other miscellaneous benefits).

| | GRADE 1 | GRADE 2 | GRADE 3 | GRADE 4 | GRADE 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Day Worker | R1216 | R1255 | R1294 | R1430 | R1616 |
| Normal Shift Worker | R1287 | R1328 | R1370 | R1515 | R1713 |
| Continuous Shift Worker | R1570 | R1622 | R1674 | R1856 | R2103 |

SAB's wages have always been well above average and the 16% increase offer we are making continues to keep us among the very best payers.


SAB

Bates Wells ● 18917

# Hier is ons Nuwe Moses




## Sterk sy hande. Die oomblik wat hy die woestyn kry, lei hy ons daar uit



Die nuwe hoofleier van die Nasionale Party en Staatspresident van die Piesangrepubliek van Suid-Afrika, Sy Edele Groot Grondboon (neé Vaalseun), het nou die mantel van Moses om hom gehang.

Hy is die Nuwe Moses wat ons republiekie uit die woestyn gaan lei nadat die vorige Moses ons na die Wildernis gelei het, waar hy toe sommer afgetree het.

Die Aäron in ons Nuwe Moses se lewe wat sy hande omhoog moet hou, is ons dierbare eerste dame, ook bekend as Madam de Klerk. Om haar taak te vergemaklik, sal sy elke dag 'n ander uitrusting van Chris Levin dra. Sy sal ongelukkig nie Saterdae diens doen nie, want dan doen sy inkopies.

Die Nuwe Moses se taak word alte maklik deur die binnelandse en/of buitelandse vyande van ons republiek, die middel-regses, regses, ver-regses, linkses, kommuniste, sosialiste, boere-rockers, agitators - om maar net 'n paar te noem - onderskat.

Terwyl hy moet probeer om die see oop te kloof sodat sy mense kan deurstap, moet hy terselfdertyd die hele woestyn rondhardloop om die grensdrade in stand te hou wat daargestel is om die verskillende minderheidsgroepe van mekaar af weg te hou, die meerderheidsgroepe uitmekaar te hou, die minderheidsgroepe van die meerderheidsgroepe af weg te hou, die meerderheidsgroepe van die minderheidsgroepe te skei, en boonop te sorg dat dié lede van die minderheidsgroepe en/of meerderheidsgroepe wat nie meer in hul onderskeie meerderheidsgroepe en/of minderheidsgroepe wil wees nie, die reg mag hê om 'n eie minderheidsgroep te stig. Of 'n meerderheidsgroep.

'n Kernprobleem waarvoor Ons Moses wyle Oubaas Salomo se kleed gaan leen, is om met al hierdie probleemgroepe en mense en ander goggas te onderhandel oor wie eerste droogvoets deur die see moet stap.

Die voorstel op die tafel is dat die bleekstes eerste moet stap en dat daar dan volgens skakering al donkerder gegaan sal word tot die heel swartes. Die probleem is egter dat dit alles nie in een dag gedoen kan word nie, en as dit eers aand is kan 'n mens nie die heel swart meerderheids- en/of minderheidsgroepe raaksien nie. En ons almal weet jy kan dié soort net vertrou sover jy hulle kan sien.

Boonop is die donkerder meerderheids-en/of minderheidsgroepe nie heeltemal tevrede daarmee om laaste deur te stap nie. Teen dié tyd is die pad al só stofgetrap dat dit heeltemal onaangenaam sal wees, en wat is daarmee verkeerd as al die minderheidsgroepe en die meerderheidsgroepe saam deurstap, vra een van hulle leiers.

Maar daar is genoegsame vertroulike getuienis dat dié leier eintlik nie hul leier is nie, maar net 'n bitterbek wat uit die buiteland betaal word. Gelukkig is die kanse goed dat dié mannetjie binnekort spoorloos gaan verdwyn.

'n Ander probleem is dat een van Moses se hoofmanne oor honderd, ene Barend die Welvarende, só met die manna gemors het dat daar nou te min is vir die mense, en nou murmureer hulle. Hulle sê glo van Barend se mede-hoofmanne sit met hulle sakke vol manna geprop terwyl die minderheids- en/of meerderheidsgroepe nie genoeg het nie. Veral nie die meerderheidsgroepe nie, hoewel die minderheidsgroepe net so hard kla. Maar niemand is mos ooit tevrede nie. Die eintlike rede is dat die manna-toevoer uit die buiteland afgesny is, en dat dié manna wat daar nog is, gebruik moet word om die minderheidsgroepe teen die meerderheisgroepe te beskerm.

Nog is dit het einde niet van Ons Moses se hoofpyne.

Sy grootste kopseer is dat hy nie die vaagste benul het waarheen om die minderheids-en/of meerderheidsgroepe te vat as hulle nou eers deur die see is nie.

Hy het altyd gehoop daar is 'n reeks eilande aan die ander kant sodat elke minderheid-en/of meerderheidsgroep sy eie eiland kan beset, met die bleekstes wat natuurlik die eerste keuse kry. Maar nou het sy verkenners, 'n elite-eenheid genaamd die Bond van Broeders, in 'n geheime verslag laat weet daar is g'n stuk eilande aan die ander kant nie. Net een haaie-vlakte, en dit nog sonder kampe en doringdrade.

Nou begin ons Moses wonder of hy nie net anderkant die see 'n skerp draai na regs kan vat en dan op 'n klomp eilande kan afkom nie.

En al meer begin van sy hoofmanne, veral dié met die helms op, sê dis miskien nie so 'n sleg hier waar ons nou is nie. Hoekom deur die see neuk as alles so goed onder beheer is hier? Hier is boonop nog piesangs in ons republiek ook!

Moses stem eintlik in sy hart met hulle saam, en hy is boonop bang vir al die helms. Maar intussen word die gemurmereerdery onder die meerderheidsgroepe en selfs hier en daar onder die minderheisgroepe al erger, en netnou spring hulle oor die drade en as 'n mens weer sien, kan jy nie meer die meerderheidsgroepe van die minderheidsgroepe of die minderheidsgroepe van die minderheidsgroepe of die meerderheidsgroepe van die meerderheidsgroepe van mekaar onderskei nie, en andersom.

Maar, verseker Moses ons, daar is geen rede tot paniek nie. Solank die blekes die manna beheer en die helms nog aan sy kant is, sal hy geen draadspringery toelaat nie.

En niemand mag naby die see kom voor hy nie die water oopgekloof het nie.

Intussen kan die minderheidsgroepe en die meerderheidsgroepe solank oefen om "Viva Moses!" te skreeu om hulle mee besig te hou.

Dit word egter nie in die belang van die veiligheid van die woestyn geag om "Gaan op, Kaalkop!" uit te roep nie.

## Ly lank my volk. En onthou: Nattes doen dit in groepe

(Geplaas deur Max du Preez van Duimsuigproduksies, Breëstraat 153, Johannesburg)

SAKEBLAD
Onder redaksie van
Manie Eagar

# Johannesburgse Effektebeurs of Sun City? Jou geld is ewe veilig

DIE Johannesburgse Effektebeurs (JE) het weer eens bewys dit is die mees onstabiele mark ter wêreld.

Volgens ontleders het die plaaslike beurs sterker as enige ander beurs ter wêreld gereageer op die onlangse knik wat die New Yorkse beurs ervaar het.

Die plaaslike daling van 10,6 persent was by verreweg die grootste wat die verskillende markte beleef het. Dit was, volgens waarnemers, as gevolg van bekommernis oor die internasionele anti-apartheidsanksies asook natuurlike vrese wat die mark op die oomblik beleef. Dit dwing die mark in 'n St Vitus-dans waarin dit verder afwaarts neig eerder as om 'n semi-beheerde regstellingsfase te ervaar.

Sedert die groot duik twee weke gelede het die JE twee derdes van sy verliese herwin, maar staan steeds op die punt om 'n paniek-fase te betree indien al die markkragte nie in die regte rigting vertoon nie.

Aandele ter waarde van meer as R42 biljoen is van die mark geveeg in die vorm van verlore mark-kapitalisasie toe "professionele" en kleiner beleggers oornag van hulle beleggings ontslae geraak het. Dit het tot 'n daling van 227 punte in een dag gelei.

Dit was die groter instellings wat verligting gebring het deur die goedkoop aandele tydens hulle winsjagtogte op te raap.

Soveel as 40 persent van die afgelope week se beurshandel-bedrywighede kan aan winsbejagting en nie aan reële beleggings-bedrywighede toegeskryf word nie.

Weer eens het die klein belegger swaar verliese gely onder paniekomstandighede terwyl die groter beleggers met die eerste prys weggestap het.

Die fundamentele faktore het onveranderd gebly, maar die nasionale krisis-psigose het oorgeneem eerder as om leiding uit tradisionele ekonomiese rigtinggewers te neem.

Ken van Rensburg, bekende ekonoom, meen Suid-Afrikaners kan nie blameer word vir die oorreaksie nie. "Ons staan onder druk van sanksies, word buitelandse kapitaal misgun, glo ons is 'n Derde Wêreldse agterlike land wat merendeels van mineraal-ontginning afhanklik is, en konstant onder druk vanuit die buiteland is.

"Dit skep 'n gevoel van 'as dit sleg is vir hulle, moet dit nog erger wees vir ons'. Buitelandse druk het ons 'n geweldige minderwaardigheidskompleks gegee," meen hy.

Die algemene gevoel is egter dat die mark nog steeds in 'n afwaartse fase gedwing gaan word, met 'n duidelike gebrek aan vertroue aan die kant van beleggers.

Die oorsese markte bly nog onseker en die fluktuerende goud- en dollarpryse toon die buitelandse onsekerheid duidelik aan.

Slegs die Japanse mark staan vas, danksy 'n sterk yen, terwyl Europa en die VSA nog na ewewig soek.

Dus: op die oomblik is die belegger se kanse om te wen so goed by die dobbeltafels van Sun City as op die Johannesburgse Effektebeurs.

# 'n Ekonomiese wildernis lê voor die deur

"ONS bevraagteken die blatante stelsel van onderdrukking. Ons sal voortgaan om die nodige opofferings te maak om die land te verander sodat dit die wil van die meerderheid weerspieël. Die mandaat wat aan die Nasionale Party verleen is met die verkiesings-uitslae bied hulle 'n geleentheid om die wit minderheidsregering se posisie verder te versterk. Ongelukkig sal ons land se hulpbronne daarvoor aangewend word."

Dit is die siening van Sydney Mafumadi, assistent-algemene sekretaris van Cosatu en woordvoerder vir die breë demokratiese beweging. Hy glo dat die inflasiekoers en hoë vlakke van werkloosheid gaan lei tot toestande van totale armoede en dat die land se hulpbronne veel beter aangewend kan word om almal se lewenstandaard op te hef.

"Indien ons strewes nie beantwoord word nie, gaan ons 'n ekonomiese wildernis erf," het Mufamadi dié week aan Vrye Weekblad gesê.

"Ons gemeenskap sal 'n totale metamorfose moet ondergaan as ons werklik ernstig is oor verandering. Dit beteken een mens een stem op 'n gemeenskaplike kieserslys - mense moet kan stem as individue. Om dié rede glo ons dat almal moet saamwerk aan 'n demokratiese alternatief.

"Blankes moet tot die besef kom dat hulle ekonomiese en politiese toekoms onlosmaaklik gekoppel is aan swart strewes," beklemtoon hy.

Walter Sisulu, pas vrygelate leier van die ANC, stel sy standpunt oor sanksies: "Ons vra vir 'n versterking van ekonomiese sanksies en groter druk op die regering. Ons gaan nie enige verdere vertragings verduur nie. Ek het geen vertroue in beloftes van verandering oor 'n tydperk van ses maande nie. Die huidige regering moet bewys dat hulle wel ernstig oor verandering is deur onmiddellik aan ons versoeke om verandering gehoor te gee."

Sydney Mufamadi stel sy standpunt as volg: "As ons vrede wil hê en ekonomiese voorspoed wil geniet, het die huidige regime nie 'n bestaansreg nie. Jare van stryd om bevryding het ons gedwing om ons na die internasionale gemeenskap te wend om almal se aandag te vestig op wat in SA aan die gang is.

"Apartheid is krimineel - die internasionale gemeenskap het 'n morele verpligting om apartheid in Suid-Afrika stop te sit. Veral omdat die regime ontoeganklik blyk te wees tot oorreding vir verandering op morele gronde. Hulle moes eers tot 'n militêre nederlaag in Namibia gedwing word voordat hulle hul kon vereenselwig met verandering in daardie land.

"Alle onderhandelings tot op hede is op 'n heerssugtige wyse hanteer en nie op 'n basis van gelykes nie. Druk deur die internasionale gemeenskap blyk dus nou al oplossing te wees.

"Ons is bereid om die prys te betaal. Partye wat na hulle eie belange omsien, teken protes aan teen sanksies. Hulle redeneer dat sanksies swartes seermaak. Ons weet dat dit apartheid is wat swartes seermaak.

Wayne Mitchell, die nuwe uitvoerende direkteur van die Amerikaanse Kamer van Koophandel, meen Suid-Afrika se oorhaastige kritiek op Amerika se ultimatum dat verdere sanksies ingestel kan word indien daar nie daadwerklike verandering oor die volgende nege maande plaasvind nie, is emosioneel en vertoon swak begrip vir standpunte vanuit die buiteland.

Hy verwys na die hervormingsproses wat deur Hank Cohen, die staatsekretaris vir Afrika in die Bush-administrasie, uitgespel is: die vrystelling van alle politieke gevangenes, die wettiging van politieke organisasies, die afskaffing van die noodtoestand, die skrap van alle apartheidswette en 'n duidelike aanvang met die onderhandelingsproses.

Mitchell meen dat SA dit nouliks kan bekostig om die hand te byt wat hom voed deur kritiek in die rigting van die VSA, Brittanje en Wes-Duitsland, sy belangrikste handelsvennote, te werp. Dit juis in 'n stadium wanneer daar duidelike steun is vir 'n wagperiode van ses maande om staatspresident FW de Klerk se geloofwaardigheid ten opsigte van sy voorgestelde hervormingsproses te toets. Verdere sanksies kan die ekonomiese situasie in Suid-Afrika ondraaglik maak. Hy vra homself af of die regering ernstig is oor deelname aan ware hervorming. Gaan daar onderhandelings met ware swart leiers wees, beide in ballingskap en binne die landsgrense? Gaan dit 'n proses van subtiele koöptering wees met minder onderdrukking as wat die geval die afgelope paar jaar was?

Alle partye, insluitende die administrasie van die VSA, die SA regering, die breë demokratiese beweging, die ANC en Inkatha het in een of ander stadium verklaar dat hulle 'n onderhandelde ooreenkoms wil sien, maar die tyd raak min. Indien die proses faal, sal Suid-Afrika nie die ekonomiese en politieke gevolge kan bekostig nie, sê Mitchell.

Die ekonomiese vooruitsigte van Suid-Afrika en van elke individu hang nou saam met verdere sanksies deur die VSA en die res van die wêreld.

**IDASA**

**ADMINISTRATIEWE STREEKSEKRETARESSE**

**Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika poog om 'n klimaat vir ware onderhandelinge te skep tussen alle Suid-Afrikaners wat streef na 'n vreedsame oorgang tot 'n verenigde, nie-rassige demokrasie in ons land.**

Die persoon wat in die pos as Administratiewe Streeksekretaresse aangestel word, sal behulpsaam wees met die administratiewe take van IDASA, insluitende die bywerking en instandhouding van die poslys, en bystand met die administrasie van projekte.
U sal regstreeks aan die Streeksdirekteur verslag doen.

**Die pos vereis:**
*** aansienlike sekretariële ervaring**
*** 'n deeglike kennis van Wordperfect 5.0**
*** administratiewe en algemene kantoorvaardighede**
*** tweetaligheid (die vermoë om Engels en Afrikaans te kan lees en tik)**

***IDASA se Streeksdirekteur en twee personeellede sal die voorkeurkandidaat kies en 'n salarispakket sal onderhandel word.***
**Diensaanvaarding op 1 Januarie 1990.**
**Skakel Colleen Taylor vir verdere inligting.**
**Tel: (011) 648-9952 of 648-6866.**

# Sleutelrol vir private sektor in 'n nuwe SA - Sisulu


**Walter Sisulu**
***(Foto: Eric Miller - Afrapix)***

DIE private sektor het 'n belangrike rol te speel in 'n toekomstige Suid-Afrika.

Walter Sisulu, gewese sekretaris-generaal van die ANC, onderskryf dié organisasie se beleid van 'n gemengde ekonomie, soos uiteengesit in die eerste nasionale handves van 1956.

"In sy grondwetlike riglyne het die ANC uitgestip dat die organisasie wel 'n gemengde ekonomie sal implementeer wat sal toelaat vir 'n publieke sektor, private onderneming, koöperatiewe en die skep van kleiner sake-ondernemings eerder as monopolieë," sê hy.

Die behoeftes van die mense, eerder as fatsoenlike retoriek, moet die toekomstige ekonomiese bestel binne enige ANC-regering bepaal, sê hy.

"'n Gemengde ekonomie sal stabiliteit en ekonomiese groei bevorder - die belangrikste faktore wat beleggings vanuit die buiteland sal bevorder," meen hy.

"Die ANC is in noue kontak met die wêreld-ekonomie en ek glo die aftakeling van apartheid en sosiale diskriminasie sal die weg baan vir groei en produktiwiteit", sê Sisulu.

Hy het blankes se vrese, dat groot stukke grond in blanke besit van hulle afgeneem gaan word, as "oordrewe" afgemaak.

Daar sal egter gekyk moet word na gevalle van afwesige grondeienaars, waar dit net redelik sou wees om grondtitels aan dié mense oor te dra wat die betrokke stuk grond al jare produktief bewoon en bewerk het.

Baie blanke Suid-Afrikaners, weerhou van alle inligting oor die ANC sedert die organisasie se verbanning in 1960, vrees dat die ANC 'n streng vorm van kommunisme op die land wil afdwing. Die vrees onstaan omdat daar Politburo-lede van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party op die uitvoerende komitee van die Kongres verteenwoordig is.

Dit is egter nie die geval nie. 'n Oplossing vir die land se ekonomiese en politieke bestel sal op die belange van die mense konsentreer.

Die meeste van Sisulu se vrygelate kollegas steun hom in sy gematigde standpunt.

# 'Noodluik' 'n loflied oor die lewe

**NOODLUIK**
*Deur Elisabeth Eybers*
*Human en Rousseau. R18,99*

**Helize van Vuuren**

ELISABETH EYBERS het vier-en-vyftig jaar gelede gedebuteer met "Belydenis in die skemering". So pas het haar vyftiende digbundel verskyn - "Noodluik". Dit is seker weinig digters beskore: om meer as 'n halfeeu na 'n debuut nog volstoom aan die gang te wees. Bowendien is dié nuwe digbundel vol sterk en lewenskragtige poësie, met beurtelings humor en wrang intelligente waarnemings. Daar is ook 'n nuwe "oopheid" in die struktuur van die gedigte:

*Vir elke knelling van nou en hier*
*vind jy 'n noodluik van papier*

begin die bundel.

Hoewel die bekende motiewe van die laaste Eybers-bundels, soos ouerword en die gepaardgaande kwellinge van die slytende liggaam, steeds teenwoordig is, getuig "Noodluik" van vernuwende impulse. 'n Liefdevolle verhouding versag die verbygang van die "Tyd":

*Hoe sonderling elkeen ook reageer*
*op Tyd wat slordig en barok boetseer*
*(.........)*
*skuil ons tevrede en ligmoedig saam*
*innig mekaar se beeldwerk te beaam,*

skryf sy in 'Herfsaand'. In kontras met verse waarin die digter intens bewus is van moegheid ('Sy sit op die rand van haar bed'), of 'n hinderlike fisiese affliksie ('Hemi-facialis spasme' - 'n soort "tic" waarby die helfte van die gesig onwillekeurig "spring"), staan pragtige liefdesgedigte of verse met humor.

In 'Stilte' beskryf sy die helende ervaring van sonder woorde saam met 'n geliefde te wees:

*Ek het vergeet, vergeet*
*hoe mens jou blootstel, hoe jy jou laat beseer*
*deur onmatig van 'n ander mens te hou.*
*Jou volsinne het my nooit die les geleer*
*wat jou swye my toevertrou.*

'n Opvallende aspek van "Noodluik" is die uitbeelding van die ouerwordende mens as nóú verwant aan die kind van vroeër, soos in "Pas op". Die "welgeskape roekelose kind" van vroeër het van versigtigheid geleer, want:

*Sy leer oplaas die oggendlig ontvang*
*en vashou soos 'n porseleindun bord*
*wat, as sy strompel, sou versplinter word.*

In 'Trip' word só 'n strompeling op straat humoristies beskryf:

*Vir die soveelste keer val ek vooroor*
*op straatsteen gesmak,*
*straks word ek 'n kermisattraksie:*
*bejaarde mevrou*
*wat weerbaar orent krabbel sonder verwerwing van één*
*geknakte been in haar ganse geraamte.*

Ook in 'Klein aubade' kry die leser met self-spot en ironie te make as die digter haarself ironies van buite af beskou as 'n "arme stakker" (stakker - drommel, sukkelaar):

*straks voer vir die joernalistiek*
*wat met liefdelose vlyt*
*elke geslote boek*
*wil oopkoevoet en besleg.*

Die pront en ráák vasvat-in-woorde van bekende menslike ervarings is 'n ander kenmerk van "Noodluik" wat 'n wye verskeidenheid betrek. Teenoor "Daar is dae so dor dat jy dink/ hoe in godsnaam kan so iets bestaan" staan 'Dag van geluk': "Geluk wat kortstondig bestaan/ ken geen moontlikheid om te vergaan."

"Vademekum" (Latyn: "vade mecum", wat beteken "gaan met my") bevat 'n klein handleiding vir die skryf van poësie, met die nodige ironie en humor toegevoeg in die vyf "beginsels":

*Verse versin mag nooit alte tydrowend wees.*
*Die maaksels wat jy as noodsaaklik beskou moet ontstaan*
*danksy of ondanks en met snode verwaarlosing van*
*die handelinge wat jou die reg skenk om te bestaan.*
*Reken meer eer aan die letter dan aan die gees.*
*Rym is bedenklik. En - nog 'n dringende wenk -*
*veronagsaam veral wat andere daarvan dink.*

('n Mens sou veral die laaste reël onder die dringende aandag van sommige van ons plaaslike digters (-esse) wil bring... wat so gou is om briewe te skryf in antwoord op resensies - asof 'n resensie nou die saligmakende en finale oordeel oor 'n werk sou vel.)

"Noodluik" is 'n bundel wat 'n loflied oor die lewe is ("loof hierdie dag" heet dit in 'Sotto voce'), ten spyte van die troebels en tribulasies wat ouerword onvermydelik bring. Eybers slaag voortreflik daarin om weer te bewys hoe sy deur haar poësie "die groot uitwissing(...) ontwyk."

**boeke blad**
**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

***Helize van Vuuren** doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal in Durban.*

# 'n Seksistiese verdingliking van die vrou

**VERSE VAN DIE ONGELOOF**
*Deur Daniel Hugo*
*HAUM-literêr. R16,99*

**Wilhelm Liebenberg**

DIE omslag van hierdie bundel laat dit lyk soos 'n kleuterboek: teen 'n wye, glanshelderblou hemel staan 'n bloedrooi bed op 'n grasgroen heuwel. Wat mens meemaak, liewe maatjies, tussen die laken van netjiese metrum en rym, is niks minder nie as die avonture van een wat "deur vroue gepla" is.

Hierdie digter is een wat "geen malse maagd laat rus" nie en dan agterna "met rymrumoer berig oor al sy eskapades".

Reeds in die opdrag voorin aan 'n anonieme "blonde engel" word voorspel woordspel:

*met vlerke wat fel kan swiep en liefkoos*
*het jy my voos vers vir goed gewindhoos*

Van bed tot blad en van blad tot bed word digterlike inspirasie en romantiese liefde die een 'n beeld vir die ander. Die digter se engel is 'n "korpus kodes", 'n "Latynse teks" waartoe hy toegang kry "met die handwoordeboek van seks".

En dan word die godsdiens ook betrek. Vergelyk die stoute parodie van "Ge-bed" met sy o so subtiele woordspel: "lief gee my vrywillig jou daaglikse soen... want jy laat my koninklik kom - amen amen"!

Laat ons ook nie van die "wederopstanding van die vlees" en die stort van vuur vergeet nie! In "Lyfmistiek" word sy geliefde voorgestel as 'n "verheerlikte vrou", gestigmatiseer deur die "bloeiende wond" wat die digter "soos 'n twyfelagtige Thomas...aftas".

Die liefde wat die digter so besing, is egter 'n "verbode liefde" vir 'n ander man se vrou - wat hom direk in botsing met die godsdiens bring. Vandaar die bundeltitel. Die digter van vele sekskapades word 'n "heiden", en God die groot Eggenoot vir wie hy verneuk.

Met so 'n verafgoding van die erotiese verbaas dit nie dat die digter, wat "geen malse maagde laat rus" nie en sy assistente welbehaaglik laat promoveer tot "doktoranda van (sy) dubbelbed", hom aan 'n seksistiese verdingliking van die vrou skuldig maak nie. Ook die poësie word gefetisjeer. In 'Dat pyn bestaan' beny hy Cloete en Cussons hul verlies omdat hyself "oor blote ipekonders" moet voortdig. In gesprek met Achterberg, wie se getoor met woorde hy wil nadoen, vra die digter selfs: "moet ek ook die geliefde vrou vermoor?"

Gelukkig is die nie nodig nie. Soos uit die latere gedigte in die bundel blyk, verlaat sy hom self.

Sy sprokiesagtige geloof in die geclichéde "blonde engel" word wreed teleurgestel en hy word agtergelaat met al die pyn wat nodig is om "blasfemies soos Faustus" sy kuns tot groter hoogtes te voer.

Dit het natuurlik implikasies vir die hele alternatiewe metafisika wat om hierdie sekskapade opgebou is. Nie dat die digter onselfbewus is oor sy gewoeker met beelde en metafore nie. "Die digter maak 'n metafoor," skryf hy in 'n gedig wat die maan as 'n speld in 'n smeulende hooimied uitbeeld, "maar die maan sal nooit sy muisgeknaagde kaasgesig verloor".

Op die ou end is hierdie knap gekonsipieerde en berymde ongeloof dus self maar net 'n sprokie - 'n selfbehepte bundel wat homself "dekonstrueer".

En tog, vindingryk soos dit mag wees, wonder mens waarom die digter homself nie die hele ontnugtering kon gespaar het deur eenvoudig De Meun en De Lorris, of Andreas Capelanus se middeleeuse handleidings by die romantiese liefde te gelees het nie.

***Wilhelm Liebenberg** is verbonde aan die departement Afrikaans en Nederlands by Wits*

# 'n Israeli wat hou van kaartspeel

**ELSEWHERE PERHAPS en BLACK BOX**
*Deur Amos Oz*
*Flamingo. R22,99 elk*

**Hans Pienaar**

EEN van die plesiere wat 'n mens jouself kan aandoen, is om die Israeliese skrywer Amos Oz te ontdek. Ek het twee van sy boeke in die hande gekry en hulle kort na mekaar gelees: "Elsewhere Perhaps" en "Black Box". Beide is pas in Suid-Afrika deur Collins bekend gestel en behoort nou op winkelrakke uitgestal te wees.

Oz kan beskryf word as 'n naturalistiese skrywer wat hou van kaartspeel, veral wanneer dit kom by die skommel. Die deurmekaargooi van stories uit die alledaagse stryd om 'n behoorlike lewe uit te kerf, is sy forté.

"Elsewhere Perhaps", wat in die jare sestig geskryf is, was sy tweede boek, waaraan hy begin skryf het toe hy nog 'n baie jong 24, 25 jaar oud was. Soos jongelinge se boeke is dit vol rou energie en die waagmoedige gebruik van al wat 'n literêre middel is.

Dit speel af op 'n kibboets, Metsudat Ram, geleë in 'n vallei van onheilspellende berge wat bokant hulle uittoring, en waar die vyand, die Arabiere, net lê en wag om een van hul sporadiese en lafhartige aanvalle te loods.

Dis hier waar Reuven Harish, die armsalige digter, deur sy vrou verlaat is vir 'n slymerige nagklubeienaar van München wat verkies om in Duitsland pleks van Israel te bly omdat hy dit so geniet dat die Duitsers hom op allerlei maniere wil vergoed vir die konsentrasiekampe.

Harish soek medelye by Ezra Berger se vrou Bronka, en Ezra kruip weg in sy lorrie deur daagliks twee ritte na die see te maak pleks van een. Die digter se beeldskone dogter probeer haar pa terugkry deur Ezra te verlei, al is hy heeltemaal te oud vir haar.

Of so skinder die kibboets altans, met Fruma Raminov aan die voorpunt, die lid van die kibboets wat die beste weet hoe om die juiste oordeel oor mense te vel. Dis hierdie geskinder wat amper 'n afsonderlike karakter in die verhaal word. Een van die plesiere van die boek lê veral in die gemaak-ernstige manier waarop die verteller met die "grapevine" redekawel.

Die verteller self is die interessantste. Hy is ook 'n lid van die kibboets, en beskryf soms waar hy oral rondbeweeg. Van die begin af is hy skepties oor die gemeenskap, en hulle naïewe geloof in die Israeliese sosialistiese beweging.

Dis asof hy die hele tyd vir jou wil sê 'n mens kan nie hierdie mense ernstig opneem nie, maar dan tog deur sy vertelaksie gedwing word om so befrokke te raak dat 'n mens voel jy moet liewer jou knippie sout vir die verteller se besware hou.

Oz se styl is eenvoudig, so eenvoudig dat jy dit half deur die slaap kan lees. Toe was sy beskrywings nog amper ekspressionisties, vol sterk kontraste en helder metafore omgeef van 'n ewige alledaagsheid.

Sy vernaamste boodskap skyn te wees hoe mense mekaar die hele tyd verkeerd verstaan omdat hulle nooit uit dieselfde hoek na dinge kyk nie. En daarby die ou naturalistiese een: dat 'n mens dinge nie kan verdeel in goed en kwaad nie, dit hang heeltemal van die omstandighede af.

Die onmoontlikhede van behoorlike kommunikasie is ook die sentrale preokkupasie van "Black Box", sy jongste boek. Die boek bestaan uit briewe, telegramme en enkele stukkies uit resensies. Die vernuftige manier waarop hy hulle laat inspeel op mekaar laat 'n mens dink dat hy bekend is met al die temas van post-modernistiese metafiksie - hoewel daar geen ooglopende vatplek vir teoretiese hande is nie.

Deur middel van die briewe, dit wil sê op 'n totaal fragmentariese wyse, word die verhaal vertel van twee geskeide mense wat weer terugdwing na mekaar, ten koste van die lewensgeluk van al die mense by wie hulle betrokke geraak het in hul nuwe lewens.

Die swart kissie van die titel is 'n besonder provokatiewe sentrale metafoor. Die swart kissie staan natuurlik vir hul pogings om die oorsake van hul mislukte huwelik te bepaal, maar assosiasies van verdoemenis kom ook na vore: as jy die kissie oopmaak, moet jy 'n oordeel vel, jy moet tot 'n slotsom kom.

Die konteks van die swart kissie is gewoonlik 'n wetlike een, waaruit konkrete gevolge met al die geweld en onpersoonlikheid van die reg voortvloei. Die groot vlieg in die salf is dan ook die man se prokureur, wie se skaamtelose manipulasies die eintlike groot bron van die verdriet is wat op almal wag.

Eintlik wys Oz, onbedoeld of andersins, hoe die skryfkuns, al is dit net by wyse van briewe, vanself tot soveel manipulasies lei dat beheer daaroor onmoontlik raak - die teenoorgestelde van die Westerse geloof dat alles wat op skrif is, ómgeef is van 'n amper heilige permanensie.

Oz slaag daarin om jou te oortuig dat al die geheime alliansies wat tussen al die protagoniste in die briefskrywery ontwikkel, volkome realisties is. Maar ten spyte van die diepsinnige filosofiese lading wat 'n mens op die boek kan plaas, bly die vertelling van die verhaal hipereenvoudig en die briewe maklike leeswerk.

Hierdie is twee besondere boeke. Wees net gewaarsku: sit 'n naweek opsy vir enigeen van hulle, want jy gaan dit nie kan neersit nie.

***Hans Pienaar** is die skrywer van "Die lewe ondergronds".*

# Die trein van hoop stoom Mosambiek weer binne

MAPUTO - Die aankoms van 'n trein op Johannesburg-stasie of op Londen se Victoria-stasie is die algemeenste ding op aarde - honderde treine kom en gaan daagliks.

Maar die aankoms van 'n trein 'n paar dae gelede in Lichinga, die klein dorpie in die noordelike Mosambiekse Niassa-provinsie, was inderdaad 'n groot gebeurtenis - dit was die eerste trein in twee jaar.

Onder die dringend benodigde voorrade wat die trein saamgebring het, was 80 000 liter brandstof - noodsaaklik vir vervoer, landbou en kragopwekking in die provinsie. Die trein wat van die hawestad Nacala gekom het, het ook voedselvoorrade gedra.

Die spoorlyn na Lichinga, die hoofstad van Niassa, is 'n taklyn van die Nacala-korridor wat dié deur land omringde Malawi met Mosambiek se Nacala-hawe verbind. Die afstand tussen Lichinga en Nacala is omtrent 700 kilometer.

Voordat die struikrowery van die Renamo-rebellegroep na die noorde van die land uitgebrei het, was daar 'n gereelde diens tussen dié twee dorpe en industriële benodigdhede wat Lichinga nie self kon produseer nie, is van Nacala laat kom. Vier treine 'n week, volgelaai met passasiers en goedere, het die stasietjie toe binnegestoom.

Maar in die middel tagtigerjare het Renamo gereeld die spoorlyn gesaboteer - die swak toestand van die spoor met sy verrotte houtstawe het dit vir hulle makliker gemaak.

As gevolg daarvan het treine 'n rariteit in Lichinga geword. In 1986 was daar twee treine van Nacala af. In 1987 het net een trein van die kus af gekom en die daaropvolgende twee jaar was daar geen teken van 'n trein nie.

Sommige goedere is toe van Malawi af ingevoer. Die roete wat gebruik is, is egter ook deur die rebelle gesaboteer en vroeër vanjaar is een van die verbindingsbrûe deur vloedwaters weggespoel.

Met die spoorlyn van Nacala buite aksie, is noodsaaklike goedere vir Lichinga oor land langs 'n baie lang en ingewikkelde roete vanaf die Sentraal-Mosambiekse hawestad, Beira, vervoer.

Trokke het met die Beira-korridor langs in 'n westelike rigting tot in Zimbabwe gery, dan ooswaarts terug in Mosambiek, middeldeur die Tete-provinsie, dan regoor Malawi, vir 'n tweede keer terug in Mosambiek vanwaar hulle uiteindelik Niassa binnegekom het.

Dié roete is as heeltemal onlewensvatbaar vir die vervoer van brandstof beskou. Brandstof is toe van Malawi gekoop. Om onsekere redes het dié toevoer die afgelope drie maande so te sê heeltemal opgedroog.

Die tekort was nie net 'n kwaai terugslag vir kommersiële boere nie, maar dit het ook ernstige kragonderbrekings veroorsaak.

Lichinga is hoofsaaklik van 'n olie-aangedrewe kragstasie vir elektrisiteitsvoorsiening afhanklik. Met die brandstoftekort kon dié kragstasie slegs vier ure per dag werk. Vroeër vandeesmaand was die stasie naby aan toemaak.

Die boere kon sonder die brandstof nie hul landerye bewerk nie. Dit was deels verantwoordelik vir die voedseltekort wat tienduisende mense in die Niassa-provinsie in die gesig staar.

Omtrent die helfte van die 600 000 mense wat in dié provinsie woon, is óf uit hul huise verjaag, óf deur die oorlog geraak. Dit beteken dat hulle nie genoeg kos vir hul eie voortbestaan kan produseer nie.

Die aankoms van die "trein van hoop" het die hoop laat opvlam dat die Renamo-rebelle by hul belofte van vroeër vanjaar, dat hulle nie weer die Nacala-korridor gaan aanval nie, gaan hou.

Die mense van Niassa bid dat dit die hervatting van 'n gereelde treindiens kan beteken en hulle sodoende hul broodnodige kos en brandstof op dié basis te wagte kan wees.

Malawi is vol moed dat die spoorlyn weer vir hul eie handel gebruik sal kan word.

Verlede week het hulle hul sakegemeenskap aangemoedig om die roete ten volle te gebruik.

Dit is vir dié Sentraal-Afrikaanse land van besondere belang omdat hulle dan nie meer die geweldige lang roetes na Suid-Afrikaanse hawens hoef te gebruik nie. Dit het hulle 'n bykomstige R250 miljoen per jaar uit die sak gejaag. - ANO en AFP

# Duisende Palestyne in tronke

JERUSALEM - Die Israelse owerhede hou tans 13 600 Palestyne in die besette gebiede aan. Van hulle is 1 900 nog nie aangekla nie, het die Israelse leër se hoof militêre aanklaer bekend gemaak.

Genl Amnon Strashnow het in 'n verklaring gesê dat 9 600 Palestyne vonnisse uitdien wat waarskynlik verband met die 22 maand lange opstand in die Israeli-besette Wesbank en Gaza-strook.

Maar nog 4 000 is om "veiligheidsredes" voor die uitbreek van die onluste in Desember 1987 aangehou, het hy bygevoeg.

Strashnow sê dat 1 889 Palestyne sonder verhoor aangehou word vir wat hy "administratiewe aanhouding" noem.

Ses en tagtig Israeli-soldate is deur militêre howe skuldig bevind omdat hulle burgerlikes deur die gebruik van uitermatige geweld doodgemaak het, sê hy. Tussen 500 en 600 ander soldate wat aan veiligheidsoptredes in die besette gebiede deelgeneem het, het voor militêre dissiplinêre komitees verskyn.

Die linkse koerant Al-Hamishar het verlede week berig dat 'n nuwe aanhoudingskamp binnekort by Bethlehem aan die Wesbank geopen gaan word. Die kamp sal aanvanklik 1 500 aangehoudenes kan "huisves".

Hulle haal militêre bronne aan en sê dat dié kamp in volgende jaar 4 500 mense sal kan huisves.

Strashnow, op 'n vraag oor die onlangse orders wat soldate toelaat om los te brand op gemaskerde Palestyne, sê dat betogers wat gemasker is die kern vorm van die opstande en dat hulle reeds 125 Palestyne om die lewe gebring het wat daarvan verdink word dat hulle vir Israel gespioeneer het.

Hy sê dat troepe toestemming gekry het om na die bene van Palestyne te skiet wat nie militêre bevele gehoorsaam nie en wat probeer vlug. As 'n laaste uitweg kan hulle skiet om dood te skiet.

"Maar dié orders beteken nie dat die leër nou toegestem het tot die uitwissing van gemaskerde Palestyne nie," sê hy. - AFP

CONGRESS OF SOUTH AFRICAN WRITERS (COSAW)

Verwelkom en salueer kamerade Walter Sisulu, Raymond Mhlaba, Ahmed Kathrada, Elias Motsoaledi, Oscar Mpetha, Wilton Mkwayi en Andrew Mlangeni.

*In ooreenstemming met ons geskiedkundige posisie verklaar ons weer eens dat die toekomstige welstand van alle Suid-Afrikaners onlosmaaklik verbind is tot die regstreekse deelname van die ANC waarvan die bogenoemde kamerade ons leiers is.*

Ons eis ook die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela en alle ander politieke gevangenes en aangehoudenes.

# Die golf van hervorming spoel oor Hongarye

Wolfgang Schweitzer

BOEDAPEST - Sondag was hulle nog kommuniste. Maandag was hulle sosialiste.

Presies 33 jaar nadat Sowjet-tenks die 1956-opstande onderdruk het, het tienduisende Hongare hul waarnemende staatshoof, Matyas Szuros, toegejuig toe hy verklaar het Hongarye is 'n onafhanklike republiek wat toegewy aan "demokratiese sosialisme" is.

Die 56-jarige Szuros het dié uitspraak van dieselfde balkon gemaak vanwaar Imre Nagy, die hervormer eerste minister, rebelle 33 jaar tevore toegespreek het en dié Oos-Europese land se kort lente van hervorming ingelei het.

Nagy, wat Hongarye wou demokratiseer en uit die Warskou-ooreenkoms wou ontrek, is kort daarna weens hoogverraad aangekla en tereggestel.

Maandag was die eerste keer dat Hongare die 1956-opstand openlik mag gevier het.

Die amptelike afkondiging van Hongarye se vierde republiek - gegrond op die drie vorige republieke wat in 1848, 1918 en 1944 ingestel is - volg op stappe wat dié land verlede week gedoen het om alle tekens van die land se kommunistiese verlede uit te wis.

'n Skare van 100 000 fakkeldraende mense het Maandag - as 'n "Dag van Versoening" uitgeroep - gehoor hoe hul land se naam van die Sosialistiese Volksrepubliek van Hongarye na eenvoudig die Republiek van Hongarye verander het.

Dié en ander veranderings baan die weg vir demokratiese verkiesings volgende jaar en die skep van Westersgeoriënteerde wetgewende en uitvoerende regeringstrukture.

Die amptelike Kommunistiese Party het hul eie doodsvonnis op demokratiese wyse geteken toe hul hulself op 7 Oktober uitgestem en die Sosialistiese Party geword het.

Lede van die ou Kommunistiese Party het tot die einde van die jaar om te besluit of hulle by die Sosialiste wil aansluit. Die oorspronklike keerdatum was 31 Oktober.

Hulle het ook besluit om 'n tussentydse staatspresident aan te stel nadat parlementêre afgevaardigdes verlede Dinsdag besluit het om die presidensiële raad, onder leiding van Bruno Staubb, af te skaf.

Dit is vervang met die kantoor van die staatspresident.

Die presidensiële verkiesing is oorspronklik vir 25 November beplan, maar dié datum lyk al hoe onwaarskynliker omdat opposisiegroepe 'n petisie laat onderteken waarin gevra word dat dié verkiesing uitgestel word om hulle meer tyd vir hul veldtogte te gee.

Omtrent 140 000 mense het reeds dié petisie onderteken - slegs 100 000 handtekeninge is nodig - en die opposisiegroepe sê hulle dié verkiesing eers ná die land se eerste veelpartyverkiesings sedert 1947 hê. Dié verkiesings vind volgende jaar in die lente plaas.

Verlede Vrydag het parlementslede hul oorweldigende steun aan nuwe wetgewing gegee wat veelparty-verkiesings wettig en die idee van eenpartyoorheersing verwerp.

Volgens dié wet sal daar 386 afgevaardigdes in die parlement wees.

Ander revolusionêre maatreëls wat in die parlement aanvaar is, is die ontbinding van die land se werkersmilitia's. Dit was 'n para-militêre mag bestaande uit 60 000 mense wat na die 1956-opstande saamgestel is.

Hulle gaan nou, onder regeringsbeheer, as 'n noodhulp-organisasie tydens brande, vloede en ander rampe gebruik word.

Die parlementslede het 'n reeks maatreëls aanvaar wat die finansiering van politieke partye uit die staatskas verbied, behalwe deur 'n nuwe fonds waarvan die helfte eweredig onder alle partye verdeel gaan word.

Die res sal verdeel word op grond van parlementêre verteenwoordiging.

Eerste minister Miklos Nemeth het Vrydag 'n skerp aanval gedoen op "anti-godsdienstige misdade wat deur die leiers in die vyftigerjare gepleeg is" en vir nuwe wette gevra wat godsdiensvryheid verseker totdat dié regte in 'n grondwet vasgelê is.

Hy sê hervormings in Hongarye sal voortgaan ongeag wat in die Sowjet-Unie gebeur. Hy gee egter toe dat dit 'n terugslag sal kry as perestroika faal.

"God behoed ons as perestroika stoom verloor of heeltemal misluk. Dit sal vir almal sleg wees," sê hy in 'n onderhoud wat Maandag in die Duitse weekblad, Der Spiegel verskyn het.


Hy het bygevoeg dat "die hervormings in Hongarye nié ongedaan gemaak kan word nie al vind ongelukkige en ongewensde gebeure in Moskou plaas".

Tussentydse president Szuros, wat gaan waarneem tot die komende presidensiële verkiesing, het die balkon Maandag gedeel met ander politici wat boodskappe van versoening en vrede gebring het.

Nemeth het gesê dat sy land nie weer die inmenging van 'n vreemde mag hoef te vrees as hulle hervormings in werking stel nie.

Verlede jaar is betogers wat byeengekom het om dié dag te herdenk, uiteen gejaag en sommige van hulle is in hegtenis geneem. - AFP

## 'n Braaivleis in San Francisco



John Tranbarger braai 'n vleisie buite sy huis in die Santa Cruz-gebergtes. Die skeur in die grond is deur verlede week se aardbewing, wat 6,9 op die Richterskaal gemeet het, veroorsaak. *(Foto: AP)*

## *Skaf die Navo en Warskou-verdrag af, vra Sowjet-minister*

WARSKOU - Die Sowjet minister van Buitelandse Sake, Eduard Shevardnadze, het Woensdag 'n oproep vir die Warskou-verdrag en Navo om te ontbind hier herhaal.

In 'n onderhoud Woensdag met die Poolse PAP-nuusagentskap het hy gesê dat dié twee organisasies op "wedersydse grondslag kan begin ontbind deur hul burgerlike bedrywighede uit te brei en hul militêre bedrywighede te verminder".

Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Navo)-ampsdraers het die voorstel vroeër die dag verwerp.

Shevardnadze sê die Warskou-verdrag moet nog "'n stabiliserende rol speel en gebieds- en politieke werklikhede in Europa verseker".

"Dit is duidelik dat die Europese huis talle Europese strukture onnodig maak," sê hy. "In dié stadium bestaan dié twee alliansies en ons moet hulle verander deur hul burgerlike bedrywighede te ontwikkel."

Navo-ministers van Verdediging, wat in Vilamoura in Portugal vergader, het sy voorstel om alle buitelandse militêre basisse en buitelandse militêre teenwoordigheid voor die einde van die eeu te beëindig, kategories verwerp.

Hy het die aanbod die eerste keer Maandag in 'n toespraak voor die Sowjet-parlement gemaak.

"As die Sowjet-Unie hul magte van Oos-Europa wil onttrek, is hulle welkom," het die sekretaris-generaal van Navo, Manfred Woerner, gesê. "Die ministers stem saam dat ons Navo as 'n stabiliseerder nodig het."

Shevardnadze het vroeër tydens 'n nuuskonferensie gesê dat Moskou die politieke stelsels van ander lande sal respekteer en nie met hul beleide sal inmeng nie.

Na samesprekings met die niekommunistiese Poolse Eerste Minister, Tadeusz Mazowiecki, het Shevardnadze gesê dat die verhoudings tussen hul twee lande "besonder goed" is en op 'n gesonde fondament gebou is.

Die Sowjet-minister het gesê hy is bereid om die Solidariteitsvakbond se hoofteoretikus, Adam Michnik, of enige ander Poolse partyleier of openbare figuur te ontmoet.

Michnik, hoofredakteur van Solidariteit se koerant, Gazeta Wyborcza, was ook by die nuuskonferensie.

Shevardnadze woon 'n vergadering van die onderskeie ministers van buitelandse sake van die Warskou-verdrag in die Poolse hoofstad by. - AFP


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Gemeenskapsopvoedingsprogram vir Volwassenes:**

**Dept Volwasse Opvoeding & Buitemuurse Studies**

Die GOPV is vir persone wat by opvoedkundige werk in hulle organisasies of gemeenskap betrokke is.

Dit is spesiaal ontwerp om gemeenskapswerkers by wie die kwalifikasies vir of die geleentheid tot formele universiteitstudies ontbreek, 'n kans te gee om:

- 'n Begrip vir hulle werk in die gemeenskap te kweek;
- Hulle praktiese vaardighede en bronne ten volle te benut;
- Selfvertroue te wen en hulle begrip in maatskaplike verband te ontwikkel.

Die kursus handel oor die ontwikkeling van vaardighede vir gemeenskapswerkers en sal die volgende gebiede belig:


- Organisering in die gemeenskap;
- Die hantering van groepe volwassenes;
- Evaluering en dokumentering;
- 'n Begrip van gemeenskapswerk in maatskaplike verband.

Twee kursusse word aangebied - een op Dinsdagaande van 5:30 - 8:00 nm. en een op Donderdae van 2:00 - 4:30 nm. Die program neem vroeg in Februarie 1990 'n aanvang en eindig in Augustus 1990.

Die kursusfooi is R600,00. Beurse is beskikbaar.

Kontak Sallie Abrahams, die Programkoördineerder, voor 15 Desember 1989 by (021) 650-2892 vir meer inligting.

C66906/1003Z




# Kinders moenie met die water mors nie, die grasperk wil dit drink

WATER.

Hoe lyk die prentjie in jou kop (en tuin) wanneer jy aan water dink?

(Hier volg twee scenarios - dit hang natuurlik af waar jy woon: in die een prentjie draai jy 'n kraan oop en die water vloei deur die tuinslang en 'n sagte sproeireën daal op jou grasperk neer.

In die ander prentjie stap jy na 'n waterpunt met 'n 10 liter-plastiekemmer in jou hand en jy betaal 10 sent (omtrent tien keer duurder as wat die ou met die tuinslang betaal) om die emmer vol te maak. En ek belowe jou, jy gaan nie daardie emmer water op 'n stuk kikuyu gooi nie.)

Ons praat van 'n groot stuk aarde met baie veranderlikes: Suider-Afrika word deur 'n arbitrêre lyn suid van 17e breedtegraad van die res van Afrika geskei.

Hier lê Suid-Afrika omring deur die politieke grense van Botswana, Mosambiek, Namibia, Swaziland, Zimbabwe en tussenin is Lesotho en dan nog 'n paar ander plekke wat sommige mense ook as "onafhanklike" state beskou.

Die kartering kom rofweg ooreen met die Kunene-rivier in die weste en die Zambesi in die ooste. Die suidelike politieke grense van Angola en Zambië speel natuurlik ook 'n rol.

Die reëling word onder meer deur navorsers gevolg omdat 'n mens darem êrens moet begin wanneer die insameling van data begin.

Dit is ook lankal bepaal dat water in ons streek van groot belang is. Die mense wat weet, praat van die droogte wat in 1978 begin het as die "onlangse droogte", maar my oupa het sy plaas noord van die Soutpansberge in 1930 verloor met "die groot droogte".

In elke streek in Suider-Afrika gesels plaaslike mense gereeld van "daardie droogte wat groter was as die een van byvoorbeeld verlede jaar". Verder vertel argeoloë ook van periodes met groot droogtes in tye voor die geheue ons kan help.

Eintlik woon ons mense van Suider-Afrika in 'n dor land met groot kontraste, ook wat klimaat en topografie betref. In die ooste is die reënval die hoogste: Durban het byvoorbeeld 'n gemiddeld van 1 070 mm per jaar, terwyl Port Nolloth aan die Weskus (op dieselfde breedtegraad) met 'n gemiddeld van 58 mm tevrede moet wees - en daar kan jy dit sien (soos in baie ander droë dele van die land) aan die groot hoeveelheid watertenks wat aan geute van die huise gekoppel is.

Die gemiddelde jaarlikse reënval van sowat 500 mm in Suider-Afrika steek slegs af by die wêreldgemiddeld van 860 mm. Meer as 25 persent van die gebied kry minder as 200 mm per jaar en hier oorskry potensiële verdamping die reënval geheel en al.

Net in Suid-Afrika sal die aanvraag na water van 19 050 miljoen kubieke m/per jaar in 1990 toeneem tot amper 26 000 miljoen kubieke m/per jaar in 2010.

Die bevolkingsverspreiding in Botswana is ook 'n aanduiding van die veranderende reënval-patroon in ons sub-streek.

Die mense is oorheersend in gebiede op die oosgrens gekonsentreer, soos Gabarone, Lobatse, Serowe en Selebi-Phikwe, waar die meeste water is.

Ter illustrasie van die waterskaarste in die westelike streke die volgende: 'n tydjie gelede is ek saam met 'n groep vriende op reis in Botswana. Die helder beskilderde mure van die Sowa-Pan Restaurant & Bar by Nata het ons gedwing om ten minste 'n dop in dié vrolike kroeg te drink (dit was ieder geval warm genoeg).

My vriend het brandewyn en water bestel. Waarop die vrou agter die toonbank geantwoord het: "Sorry, no water in the bar." In dié woestynland het niemand dit snaaks gevind nie.

Hy het verstaan en moes noodgedwonge sy drankie met coke meng.

Wel, dit is miskien een van die redes waarom 'n groen grasperk my soms pla.

Groen grasperke lyk hier verkeerd - asof dit nie in 'n semi-woestyn hoort nie.

Groot hoeveelhede water word gebruik om die nuttelose lappie blaartjies groen te hou, en dis asof die gereelde sny en netjies hou van so 'n pronk-stuk ons wanhopige tekort aan water onderstreep.

Die jaar sukkel dit dalk weer om lekker te reën. Almal is bekommerd oor die tuin. Nou, kom ons haal die water onder die grond uit!

Die amptelike standpunt is dat daar nog geen sprake van 'n geleidelike uitputting van grondwaterbronne is nie.

Na raming was slegs 13 persent van die totale Suid-Afrikaanse watergebruik in 1980 afkomstig uit ondergrondse hulpbronne.

Daar is egter bevind dat 'n aantal gebiede wel oorpomp word en miskien tot "Ondergrondse Waterbeheergebiede" verklaar kan word*.

Waar ons woon ('n groen voorstad in Pretoria), sou ek 'n voorstaander van 'n Ondergrondse Waterbeheergebied wees.

In ons straat weet ek van net drie huise wat nie 'n boorgat besit nie. Die "onlangse droogte" en beperkings op watergebruik, het hiervoor gesorg. Almal was bekommerd oor daardie nuttelose groen lappie en vir maande het die aarde gedreun soos hier geboor is.

Syferwater is deurgaans op ongeveer 60 m gevind - net genoeg vir die tuin-sonder-produkte.

Indien ons voorstad 'n plaas was, sou hier net een of hoogstens twee boorgate gesink gewees het. Dit is nou 'n voorbeeld van nuttelose verbruik; 'n voorbeeld wat sekerlik in talle voorstede waar die "meer gegoede gedeelte" van ons bevolking woon, gedupliseer word.

Maar 'n mens kan seker maak wat jy wil met jou geld; 'n boorgat is 'n duur storie en dan moet die "sparkie" nog die duur pomp kom installeer. Die water word tog weer in die grond gesit.

Erens klink die storie nie heeltemal reg nie, nè?

Hoekom sou 'n mens dan iets mors, net omdat jy die finansies en tegniese vermoë het om dit te verbruik? Of omdat die kenners sê dat ons maar kan laat waai, dáár is nog baie waar dié vandaan kom?

Of is dit 'n manifestasie van die verdraaide gedagte waaraan baie mense nog vasklou: ons omgewing is stedelik, hier kan ons doen wat ons wil, bewaring geskied in die Krugerwildtuin en ons betaal vakkundiges om dáár na ons heil te kyk.

Die omgewing in ons voorstede hou verband met die omgewing daarbuite.

Vermorsing van grondwater omdat daar klaarblyklik 'n oorvloed bestaan, kan in die toekoms slegs lei tot die totale uitputting van opgegaarde voorrade.

Verkeerd is verkeerd. 'n Holistiese beskouing tot die omgewing sou die vermorsing van enige hulpbron, selfs dié wat (op die oog af) nie in ernstige gevaar van uitputting verkeer nie, uitskakel.

*Bestuur van die Waterhulpbronne van die Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese, Pretoria: 1986.

*Tienie du Plessis is 'n grafiese kunstenaar en mede-direkteur van Taurus-uitgewers*

# Gooi weg jou geweer en lees 'n gedig



MAKLIKER GESÊ

Annemarie van Wyk

**TOE ek nou die aand by die verkeerslig stop, stop daar 'n "armed response"-motor langs my - nuut, vinnig, blink geverf met 'n tweede paar hoofligte.**

Die twee jong mans in die motor is in uniforms geklee. Hulle lag en skree, die musiek is oorverdowend hard.

Toe die lig oorslaan, trek hulle soos wafferse MacGyvers met skreeuende bande weg.

Rook bol apokalipties op uit die teer.

Hulle is jonk, blank, dra gewere en die wêreld behoort aan hulle - of so dink hulle. Die epitoom van mag, manlikheid en dapperheid.

Die helde van die verlede met hul strydwaens sou jaloers wees op dié gladiators van die betonstad.

'n Soortgelyke voorval nie lank gelede nie het my weer eens die kwessie van man en geweer laat bevraagteken.

Ek en 'n vriend het by 'n familierestaurant in Brixton gaan eet. 'n Aangename plek met 'n lekker atmosfeer en uitmuntende pizza's.

So halfpad deur die ete loop daar 'n man en sy metgesel in. Gewone mense - netjies aangetrek, uit vir 'n rustige aandjie saam.

Maar aan sy heup bult 'n vuurwapen.

Ek ken nie gewere nie, en kan dus nie sê of dit 'n rewolwer of 'n pistool was nie, maar dit was in ieder geval groot.

Hier is 'n man met wie jy nie moet sukkel nie, 'n man wat jou binne enkele sekondes van jou lewe kan ontneem, jou toekoms kan bepaal, jou en jou gesin soos 'n Charles Manson-bende kan afmaai.

Die atmosfeer het oombliklik verander. Waar dit eens 'n atmosfeer van rustige genoegdoening was, het daar nou 'n gespanne en onaangename gevoel geheers.

Ek het my hele lewe nog nooit rede gehad om myself teen iemand te bewapen nie.

Miskien is ek maar net gelukkig, want ek is 'n vrou en ek was al alleen in snaakse plekke. Donker plekke waar jy maar op jou hoede moet wees.

Ek wil nou nie seksisties wees nie, maar ek het nog nooit 'n vrou in die openbaar met 'n geweer gesien nie.

Ek verafsku dus mans wat gewere dra.

Ek kan nie verstaan waarom hulle dit dra nie. Om hulself te beskerm, sou hulle seker sê. Teen wie? Teen wat?

In die onderdrukte samelewing waarin ons leef, waar diefwering soos tronktralies om jou vensters vassit en motor-alarms die swanesang van die stad geword het, span dit die kroon.

Ek sien visioene van 'n Mad Max-agtige toekoms waar almal swart leerklere dra en reusagtige kanonne op hulle opgewarmde motors monteer. Waar kinders soos diere in gate woon en ou mans met staal boemerangs onthoof.

*Mans wat hulle verbeel hulle is Magnum of een van die tienduisend ander kragdadige manne wat aand na aand hul vervelige toertjies op televisie uithaal om die nog verveliger, leë-kop poppie se hart (het iemand in Hollywood nog so iets?) te wen.*

Miskien is dit dan ook die wortel van die kwaad. Mans wat hulle verbeel hulle is Magnum of een van die tienduisend ander kragdadige manne wat aand na aand hul vervelige toertjies op televisie uithaal om die nog verveliger, leë-kop poppie se hart (het iemand in Hollywood nog so iets?) te wen.

Holruggeryde kameerolle en formules vir geldmaak uit geweld word 'n daaglikse dis en Jan Alleman slyp sy persoonlikheid volgens sy uitverkore TV-karakter.

Met die geweer kry jy mag, geld, vroue en hoe groter die geweer hoe groter, hoe sterker, hoe mooier die buit.

Gaan kyk by die videowinkel, en sien die ikone van ons tyd: geweer in die een hand, sexy Sannie in die ander.

Sielkundiges sal jou vertel dat gewere 'n verlenging van 'n man se penis simboliseer.

Dit is dus 'n bevestiging van hul "manlikheid".

Wat "manlikheid" presies is, kan boekdele oor geskryf word, want dié man met die geweer sal in dieselfde chauvinistiese asem vir jou sê die beste kokke in die wêreld is mans, die beste klere-ontwerpers is almal mans.

Maar man, kos en klere maak nie dood nie.

Ek sê dis 'n verwronge manlikheid, impotensie selfs.

Gooi die geweer weg en lees eerder poësie.

Vrye Weekblad

# Dis net logies

Die African National Congress hou Sondag 'n reuse-byeenkoms buite Johannesburg.

Sewe senior leiers van die ANC beweeg vryelik in die land rond, gee links en regs onderhoude - as ANC-leiers - en hou vergaderings as top-leiers van die ANC.

Met elke optog wat daar deesdae gehou word, word die ANC-vlag openlik vertoon.

Al hierdie aktiwiteite is streng gesproke onwettig, want die ANC is 'n verbode organisasie.

Daar is op die oomblik nog 'n man wat in die tronk sit omdat hy die woorde Viva ANC vertoon het.

Dit begin nou absurd word.

En intussen is die minister van Wet en Orde besig om 'n gek van homself te maak deur te kere te gaan oor hoe die ANC nog 'n verbode organisasie is en hoe die regering sal optree teen enigiemand wat dié organisasie se doelstellings bevorder.

Daar is mos 'n logiese oplossing: hef die beperkinge op die ANC op. Sommer onmiddellik.

Dit sal boonop ook nog 'n verdere stap op die pad na 'n onderhandelingsklimaat wees.

## Die pers

Die redakteur van Vrye Weekblad het verlede week weer in die hof verskyn, dié keer op ses aanklagte ingevolge die noodtoestand.

Hy het reeds 'n vonnis van ses maande tronkstraf, opgeskort vir vyf jaar, gekry oor 'n berig wat in die koerant verskyn het.

Daar is minstens vier ander koerantredakteurs wat ingevolge die noodregulasies aangekla word.

Die jongste aanklagte teen Vrye Weekblad spruit hoofsaaklik uit doodgewone berigte oor hofsake van jong mans wat weens gewetensbeswaardheid weier om diensplig te doen. Daarvoor moet iemand nou 'n krimineel gemaak word.

Dié voortgesette vendetta teen die pers, veral die onafhanklike pers, druis heeltemal in teen die gees wat die regering van staatspresident FW de Klerk self laat posvat het. Of hoe?

Een moontlike verklaring is dat dié aanklagte nie deur die regering nie, maar deur die polisie geïnisieer word. As dit waar is, moet De Klerk daarvan kennis neem en dit stopsit. Of is die sekurokrate besig om die stert te word wat die hond swaai?

De Klerk het verlede week weer gesê hoe graag hy die noodtoestand wil ophef, of minstens wil begin uitfaseer.

Is dit nie 'n goeie idee om as 'n eerste stap die mediaregulasies te skrap nie?

# So sê hulle . . .

**"Graag wil** ek langs hierdie weg my dank teenoor u uitspreek vir u en u koerant se bydrae tot die afgelope verkiesingsveldtog. U het 'n belangrike bydrae gemaak tot die sukses van die Nasionale Party." - Staatspresident FW de Klerk in 'n brief aan Beeld.

**"Every time** we try to look at a new programme file it vanishes before our eyes." - 'n Woordvoerder van die London Institute for the Blind se kommentaar op die rekenaarvirus wat op Vrydag 13 Oktober toegeslaan het.

**"These were** the bloody colonists of my country and the damned Afrikaner has gone and copied them." - André Zaaiman, streekskoördineerder van Idasa, voor Buckingham-paleis in Londen (soos aangehaal deur Graham Leach in "The Afrikaners").

**"Wat my betref**, sal bitterheid geen rol speel in ons onderhandelinge nie." - Walter Sisulu.

**"If you promote peace**, they (the police) will refrain from violence." - Nelson Mandela aan Walter Sisulu.

**"A prisoner** makes it his duty to keep himself informed just as a tobacco addict will go out of his way to get his tobacco." - Walter Sisulu.

**"Ek is nie** baie goed op die loopplank nie." - Karen Smith, Beeld en Arwa se professionele model van die jaar.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Sensors skep bevoorregte klas

**Sean Bozalek van Kaapstad skryf:**
After reading Max du Preez's review of a Dry White Season based on André P Brink's novel I believe its relevant to examine the context in which the Publications Appeal Board had allowed fewer than 2 000 South Africans to watch the screening of this film.

By releasing the film into a so-called "controlled environment" the censors have succeeded in creating a small privileged class of viewers. The publications control board justifies this elitism under the guise of "discerning and sophisticated adult viewers", "unlikely to attract the kind of people who might take to the streets in demonstrations".

The implications are racist and elitist, obviously designed to exclude the vast majority of people under such pervasive conditions and this is an anachronism to a popular and classless culture being established in our society.

The legislation of the publications control board flows from the dominant ideology and it can therefore hardly ever be expected that this creature be an objective and fair body under these circumstances.

One wonders how the publications control board reacts to this exceptional film in which an Afrikaner is the hero and the author has used Afrikaans to oppose the Afrikaans used by the racist establishment.

As an ordinary South African I am deeply concerned about the processes and the decisions at which the publications control board arrives at on censorship in our society.

## Waar is TV3?

**Jack Mojapelo van Pietersburg skryf:**
Ek neem die geleentheid om hierdie brief aan u koerant te skryf. Ek vra dat my brief moet geplaas word.

Ek is 'n 25-jarige seun van Laastehoop in die Noord-Transvaal. Elke week ek koop die koerant omdat ek saamstem dat:

"Vrye Weekblad is die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika."

Ek stem saam met die manier in hoe ons koerant gestel is. Maar daar is net een ding in die koerant wat my bekommerd maak. Daardie is in die bladsye wat julle vir ons sê oor "Die week se TV". Wat maak my bekommerd daarin is dat julle sê vir ons niks van TV3.

Ek wonder of julle bedoel dat dit is net blankes wat moet die koerant lees? Of julle wil apartheid in die koerant deurbring? Asseblief julle moet julle huis in orde bring.

Ons swartmense tesame met ons wit broers veg saam om apartheid weg te gooi. Ons veg ook vir vryheid van spraak.

Ek vra dat julle vir ons moet sê wat op TV gebeur, nie net op TV1, en TV4 nie.

## Baie geluk

**Terblanche Jordaan van Aucklandpark skryf:**
As 'n gereelde en waardeerde leser van u koerant moet ek u gelukwens met die VWB-bylae in die uitgawe van 13 Oktober 1989. Wat 'n puik prestasie. Baie geluk met die harde werk wat daarvoor ingesit is, die wye verskeidenheid en die hoë standaard. Ek glo dat die standaard gehandhaaf sal word.

## Saai liefde

**Dennis Boshoff van Hillbrow skryf:**
Daar word baie gepraat oor 'n Handves van Menseregte. Ek wil die storie egter uit 'n heeltemal ander hoek benader:

Wat van 'n Handves van Verantwoordelikhede?

Die klem is nou nie op wat my land vir my kan doen nie, maar wat ek vir my land kan doen. Daar is 'n paar verantwoordelikhede wat ek glo aandag moet geniet.

- Elke mens moet toesien dat hy/sy nie meer kinders verwek as wat hulle kan bekostig nie. As gevolg van die bevolkingsontploffing sal ons nooit op datum kan kom met werkskepping, behuising, onderwys, hospitale ens ens nie.

- Elkeen moet die natuur help bewaar. Plant 'n boom. Help om die rommel op te ruim.

- Harde, eerlike werk moet 'n leefwyse word. Dit sal meewerk om werkloosheid te bekamp. (Talle fabrieke meganiseer omdat werkers te veel staak, lui en onbetroubaar is. Dit skrik voornemende beleggers af.) In dié verband kan ons leer by lande soos Japan en Tawain.

- Persone wat 'n misdaad gepleeg het, moet hul skuld aan die samelewing betaal byvoorbeeld deur vergoeding te betaal aan die slagoffers van hul misdaad, asook deur gemeenskapsdiens te verrig.

Om 'n probleem op te los moet ons soms ons emosies tydelik eenkant laat en iets moeilik doen soos om te vergewe, lief te hê en te verdra. Wanneer 'n mens duisternis wil beveg, sit 'n lig aan. Wanneer jy vuur probeer blus, gooi water op (nie petrol nie!). Waar daar haat is, saai liefde.

## Egbertus bang?

**JJ Uys van Pietermaritzburg skryf:**
Geleerde Vriend Egbertus haal 'n gedeelte uit 'n gedig van 'n VOLKSDIGTER aan: "Ek hou van 'n man wat sy man kan staan...." Vir wie was hy bang om die gedig in sy geheel weer te gee? Vir MOEDER of vir BITTERGAL?

## Naïewe visie

**Siegfried Huigen van Stellenbosch skryf:**
Bij alle sympathie die ik het streven van de Brede Democratische Beweging toedraag, vind ik het verontrustend dat deze beweging zich niet distantieert van mense die naïef-communistische toekomstplannen in Zuid-Afrika willen verwezenlijken.

Wie maar een beetje op de hoogte is van de ontzaglike mislukking van dergelijke plannen in alle landen waar ze zijn toegepast, moet de schrik om het lijf slaan, wanneer je hier, in Zuid-Afrika, mensen vol overtuiging hoort beweren dat het "socialisme" de oplossing moet brengen voor de maatschappelijke problemen.

De bisschoppen Denis Nuttall en Denis Hurley die zich openlijk distantieerden van rode-vendel-zwaaiers in Natal zijn in mijn ogen dan ook niet de verkalkte figuren waarvoor veel mensen hen misschien aanzien. Veeleer geven ze blijk op de hoogte te zijn van de geschiedenis van de Grote Wereld buiten Zuid-Afrika.

Ik vind overigens dat het Vrye Weekblad het ook tot zijn taak zou moeten rekenen om ook de hierboven genoemde misstanden binnen de MDM te bekritiseren. Door het ontbreken van kritiek kunnen de beste bedoelingen uiteindelijk verkéren in het grofste onrecht. Dat werd onlangs weer duidelijk in het geval van de Swapo en zijn geheime strafkampen.

*Vervolg op bladsy 22*

# Deense homoseksuele pare mag nou trou

**Slim Allagui**

KOPENHAGEN - "Ons wag nou al byna veertig jaar vir die oomblik," het Aksel Madsen, 74, gesê toe hy en sy 67-jarige metgesel, Ejgil, van hul perdekar voor die stadsaal afklim. Ongeveer 'n duisend vriende, simpatiekgesindes en nuuskieriges van alle ouderdomme het by die deure saamgedrom om die paar toe te juig toe hulle die gebou binnegaan om in die huwelik bevestig te word.

Aksel en Ejgil is die eerste homoseksuele paar wat volgens 'n nuwe wet wat deur die Deense parlement in Mei vanjaar ingestel is en op 1 Oktober van krag geword het, getrou het.

Hulle en tien ander homoseksuele pare het op dié dag getrou. Die troues was soos enige ander burgerlike seremonie in Denemarke. Hulle het ringe geruil, en die pare en hul gaste het blomme gedra.


Slegs die groot persteenwoordigheid was 'n aanduiding dat daar iets anders aan die troue was.

Aksel Madsen is een van die stigterslede van die Deense Vereniging van Homoseksuele en Lesbiërs wat in 1948 tot stand gekom het. 'n Jaar nadat hy die vereniging gestig het, het hy sy werk as rekenmeester by 'n motorhandelaar in Aalborg, 'n konserwatiewe dorp in die noorde van Denemarke, verloor.

"Die skandaal wat dit veroorsaak het, was ongelooflik. Maar ek wou nie my geaardheid verander of my gevoelens onderdruk nie."

Hy het in 1950 na Kopenhagen verhuis waar hy en Ejgil vandag nog woon. Hulle gebruik een van, Aksgil, wat uit "Aksel" en "Ejgil" ontleen is. 'n Hotel wat hulle saam besit, "Akselhus", tussen Ringsted en Koege in suidoos-Kopenhagen, het weldra 'n bekende oornagplek vir homoseksuele van oor die hele wêreld geword.

"Ons is nou afgetree," sê Aksel, "maar ons het met 'n hele nuwe lewe begin. Na jare van sukkel, word ons uiteindelik, net soos ander mense, amptelik erken. Ons is nie meer uitgeworpenes wat in skaamte hoef te leef nie, maar 'n paar van vlees en bloed wat ons lewens op ons eie manier wil lei."



**Aksel en Ejgil - eindelik getroud** *(Foto: AFP)*

Axel en Ejgil is trots daarop "om in 'n land soos Denemarke te woon, wat so ver vooruit is op die gebied van verdraagsaamheid en gelykheid". Hulle hoop dat ander lande ook Denemarke se voorbeeld sal volg.

Hulle droom is om weer trou, dié keer in die kerk met al die formaliteite wat daarmee gepaard gaan.

Nie almal is tevrede met die nuwe wet nie. Veral die Lutherse kerk is erg verdeel oor die saak. Sommige biskoppe vind dit afskuwelik terwyl ander dit ondersteun.

Die biskop van Kopenhagen, Ole Bertelsen, het voorgestel dat die kerk die huweliksbevestiging van twee mense van dieselfde geslag seën. Selfs die konserwatiewe minister van godsdiens, Torben Rechendorff, het gesê dat hy niks teen die idee het dat homoseksuele in die kerk trou nie.

Onder die mense wat op 1 Oktober getrou het, was 'n priester. Hy vertel dat hy reeds etlike homoseksuele paartjies by sy huis in die "huwelik" bevestig het. Hy sê hy het selfs mense só oortuig om weer kerk toe te gaan.

Terwyl die homoseksuele paartjies deur mense buite die stadsaal toegejuig is, het godsdienstige groepe eenkant teen die wet gedemonstreer. "Dit maak dat ek wil huil," het 'n sendeling, Arne Thomsen, gesê. "Vandag is die dag wat Sodom ons harte gebreek het. Maar God is verdraagsaam en barmhartig. Halleluja."

'n Vroue-priester, Eva Melhof, was een van die ondersteuners buite die huwelikskantoor. "Ek weet nie wat om te sê nie, wat om te voel nie," sê sy. "Dit is 'n gemengde gevoel van blydskap en hartseer. Ek is hartseer omdat die kerk weier om die mense wat mekaar lief het te seën, en ek is bly dat die politici moedig genoeg was om 'n onreg wat al te lank voortduur te herstel." - AFP

# UFO-kenners van Rusland verenig

**Yevgeny Krushelnitsky**

'N UFOLOGIESE kommissie is in die Sowjet-Unie gestig. Die doel van die kommissie is om mense wat ongeïdentifiseerde vlieënde voorwerpe (UFO's) bestudeer te verenig.

Vladimir Azhazha, 'n kenner van UFO's, is tot voorsitter van dié kommissie verkies en 'n ruimtevaarder, Pavel Popvich, is tot onder-voorsitter verkies.

Azhazha sê: "Die kommissie is deel van die Sowjet-Unie se Unie vir Wetenskaplike en Ingenieursverenigings. Ons hoop om die publiek se aandag op UFO's te vestig. Ons is van plan om die verskillende groepe navorsers, geesdriftige individue en almal wat in UFO's belangstel te verenig."

Volgens Azhazha moet ufologie nie tot 'n suiwer akademiese navorsingsvak gereduseer word nie. Die Akademie van Wetenskappe van die Sowjet-Unie bestudeer nie ufologie nie, maar gebruik die term "onreëlmatige atmosferiese verskynsels".

Volgens 'n verklaring wat deur die hoof van die groep navorsers wat onreëlmatige atmosferiese verskynsels bestudeer, Yuri Platov, uitgereik is, het navorsers nog nie rede om ernstig van UFO's te praat nie. Volgens Azhazha ignoreer dié wetenskaplikes die waarneming van 'n UFO in Karelia in Februarie 1985, asook die ooggetuie-verslae vanuit die Vologda-distrik waar die vlieëniers van UFO's uitgeklim het.

Volgens Azhazha is die kwessie van UFO's oor die jare verwaarloos en was dit met tye 'n taboe. Pogings om die studie van UFO's te ignoreer het egter misluk. Navorsers ontvang te veel data wat die bestaan van UFO's bevestig.

Vanjaar is daar reeds UFO's in Nalchik in Noord-Kaukasië en in die Vologda-distrik in die noordweste waargeneem. UFO's is ook bo Frunze, die hoofstad van Kirghizia, op 22 Junie en in die Perm-distrik in die Oeral op 16 Julie waargeneem.

Daar bestaan steeds geen oortuigende hipotese om die aard van UFO's te verklaar nie. Volgens Azhazha "is daar geen haas nie. Anders sal eksotiese weergawes ons van koers bring. Op die oomblik verbind baie navorsers en wetenskapsfiksieskrywers UFO's met besoeke van verteenwoordigers uit die ruimte. Volgens my, is dit nog te vroeg om sulke gevolgtrekkings te maak. Ons moet nie probeer om die wêreld met twyfelagtige ontdekkings te verras nie. Ufoloë benodig objektiewe en die openlike besprekings van verskillende menings. Ek hoop dat ons kommissie hiertoe sal bydra."

Azhazha sê die kommissie wil egter nie UFO-geesdriftiges organiseer nie, maar eerder die ontwikkeling van bestaande navorsingsprojekte aanmoedig.

"Een groep spesialiseer byvoorbeeld in die plasma-aard van UFO's, terwyl ander die oplossing van die vraagstuk in die multi-dimensionele aard van die ruimte soek. Daar is selfs mense wat glo dat daar 'n onsigbare wêreld bestaan. Hoe meer hipoteses daar is, hoe ryker is die wetenskap."

Die ufologiese Kommissie beplan 'n stelsel waarvolgens inligting oor UFO's ingesamel en verwerk kan word. Die kommissie wil ook graag inligting met buitelandse kollegas uitruil. "Ons moet kontak maak met almal wat die vraagstuk ondersoek."

Die Kommissie beplan onder meer 'n nasionale konferensie om ufologie te bevorder en na verwagting sal die land se eerste skole-seminaar oor alternatiewe wetenskap en tegnologie in die Kulturele Sentrum in Moskou gehou word. 'n Kursus in ufologie sal ook aangebied word. Studente sal in aanraking kom met die probleme van ufologie, Konstantin Tsiolkovsky se ruimte-filosofie en die grondslag van paleo-ruimtevaartkunde.

Azhazha hoop dit sal die eerste stap tot die opleiding van professionele ufoloë wees. - Novosti

# Dié week in die nuus

## Suid-Afrika

**Adriaan Vlok**, minister van Wet en Orde, sê die verbod op die African National Congress geld nog steeds, en die polisie kan steeds optree teen mense wat die beeld van die organisasie bevorder. Vlok se uitspraak kom kort voor die beplande massa-byeenkoms Sondag in Johannesburg wat deur die sewe vrygelate ANC-leiers en een PAC-leier toegespreek sal word.

**Damian de Lange**, een van die drie beskuldigdes in die Broederstroom-verhoor, beskou homself as 'n krygsgevangene en 'n soldaat vir sy land, getuig 'n sosioloog in die verhoor.

**'n Groot klomp** wapens, plofstof en ammunisie word in die panele van 'n minibus wat al drie jaar lank deur 'n niksvermoede bestuurder gebruik word, gevind.

**Eerw Frank Chikane** sê druk op pres FW de Klerk om te verander, moet volgehou word, onder meer deur volgehoue ekonomiese sanksies.

**Eerw Zuroitwaho Nevuhatalu** van Venda eis skadevergoeding van R10 000 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SAVD) nadat 'n SAVD-kondukteur hom na bewering gedwing het om van 'n "slegs blanke"-trok af te klim. Hy beweer die kondukteur het hom gevloek, 'n "kaffer" genoem en geslaan.

**Die aanklagte** teen agt aktiviste wat daarvan aangekla is dat hulle hul inperkbevele verbreek het, word teruggetrek in Athlone se landdroshof. Hulle is UDF-bestuurslede Willie Hofmeyr, Willie Thomas, Hilda Ndude, Mountain Qumbela en Ebrahim Rasool, United Women's Congress-bestuurslede Whitey Pokwana en Dorothy Zihlangu, en die voorsitter van die Cape Youth Congress, Mzonke Jacobs.

**Meer as 700** inwoners van Nkqonkqweni buite Peelton word in kerke in King William's Town gehuisves nadat hul huise deur Ciskeise owerhede platgeslaan en hulle gedwing is om terug te gaan Ciskei toe.

**Twee mans** word in Pretoria gehang. Dit bring die totaal vanjaar op 47 te staan, terwyl 60 begenadig is.

**Nog 37 mense** word in Mmabatho weens hoogverraad skuldig bevind deur regter W Friedman, voortspruitende uit die gepoogde staatsgreep in Bophuthatswana verlede jaar. Van die 143 lede van die Bop-veiligheidsmagte wat aangekla is, is 83 tot dusver skuldig bevind.

**Zeph Mothopeng**, leier van die Pan Africanist Congress (PAC), word na 'n longoperasie uit die hospitaal ontslaan.

**'n Aanklag onder** die Wet op Binnelandse Veiligheid teen die Weekly Mail, wat daarvan aangekla word dat hulle ANC-leier Harry Gwala aangehaal het terwyl hy gelys was, word uitgestel tot 21 Februarie.

**Joao Soares**, seun van die Portugese president, word uit die HF Verwoerd-hospitaal ontslaan, waar hy behandel is nadat hy in September in 'n vliegongeluk by Jamba, die Unita-hoofkwartier in Suid-Angola, betrokke was.

**'n Moordklag** word teen 'n munisipale polisieman ondersoek nadat 'n 21-jarige man buite die polisiekantoor op Vryburg doodgeskiet is. Regslui vir Menseregte sê daar was geen duidelike rede vir die skietery nie.

**'n Boer van Heilbron, Frans Smith**, en twee van sy werknemers wat daarvan aangekla word dat hulle 'n seun doodgeslaan het, was dronk toe die polisie by hulle kom, word in die Vrystaatse Hooggeregshof getuig. Die drie word aangekla van moord op Fanie Gatebe, wat na bewering met 'n sambok geslaan, geskop en aan 'n werksbank vasgemaak is.

**Die leiers** van die AWB en die Boerestaat-party, Eugene Terre'Blanche en Robert van Tonder, vra vir 'n ontmoeting met pres FW de Klerk aan.

## Wêreld

**Egon Krenz** word deur die Oos-Duitse parlement tot nuwe staatshoof verkies, met 26 teenstemme en 26 lede buite stemming. Meer as 300 000 mense neem deel aan protesoptogte vir groter demokrasie en vryheid in stede dwarsoor Oos-Duitsland. Werkers in 'n Oos-Berlynse fabriek stig die eerste onafhanklike vakbond in en eis die reg om te staak en die vryheid om in die buiteland te reis. **Die Politburo** sê Oos-Duitsers sal teen die einde van die jaar vryelik kan reis. Krenz sê opposisiegroepe kan hervorming aanhelp, maar die sosialistiese orde sal nie verander nie.

**Duisende Hongare** marsjeer in die strate van Boedapest om die nuwe demokratiese staatsbestel in Hongarye te vier.

**Roemenië vra** dat 'n konferensie van sosialistiese state byeengeroep word om die toekoms van kommunisme te bespreek.

**Margaret Thatcher** spreek haar uit teen die 48 ander lede van die Statebond wat op hul konferensie in Kuala Lampur vir voortgesette sanksies teen Suid-Afrika gevra het. Sy verwerp kritiek oor haar standpunt en noem die kongres 'n "teepartytjie".

**Aanklagte teen** twee van die vyf mense wat in hegtenis geneem is weens die aanval op Untag-kantore op Outjo, Namibia vroeër vanjaar, word teruggetrek. 'n Swart wag is in die aanval dood. Die Prokureur-Generaal van Namibia, E Pretorius, sê die klagte teen Arthur Archer van Kaapstad en Johan Coetzee is teruggetrek. Die saak gaan voort teen Horst Klenz, 'n Wes-Duitse burger, Darryl Stopforth van Rosettenville, Johannesburg, en Leonard Veenendal, 'n AWB-lid van Southdale, Johannesburg.

**Amnestie Internasionaal** veroordeel Suid-Afrika, China, Nigerië, Irak en Iran vir menseregte-skendings in hul jaarverslag. Suid-Afrika het verlede jaar die derde meeste mense in die wêreld tereggestel, sonder dat die TBVC-lande in ag geneem word.

**President George Bush** van die VSA oorweeg dit om Mosambiek te skrap van 'n lys van Marxisties-Leninistiese state, sê sy beamptes. Marxistiese state mag nie deur die Amerikaanse uitvoerbank gesteun word nie, wat investering deur Amerikaanse maatskappye erg bemoeilik.

**Die Poolse** televisiediens berig dat tussen 500 en 3 000 slagoffers van Stalinistiese onderdrukking tussen 1945 en 1956 in 'n massagraf buite Warschau begrawe is.

**'n Ontploffing** ruk 'n plastiekfabriek in Pasadena, Texas. Volgens reddingswerkers word 22 mense vermis.

**Lebanese Christen-parlementslede** distansieer hulle van die Lebanese Christenleier Michel Aoun se verwerping van 'n Arabiese vredesplan vir Lebanon.

**Frankryk toets** die vyfde kernbom vanjaar by sy ondergrondse toetsterrein in die Stille Oseaan, volgens Nieu-Seelandse seismograwe.

**Eduard Shevardnadze**, minister van buitelandse sake van die Sowjet-Unie, sê sy regering is bereid om alle soldate wat in die buiteland gestasioneer is, teen die eeuwending te onttrek. Hy erken ook dat die Sowjet-Unie se inval in Afganistan onwettig was.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

# SPORT

# Van ware krieket tot spreiligte, 'n wit bal en 'n kakafonie van musiek

**Charles Ochse**

DIE aandag verskuif nou eers tydelik van ware krieket - die driedaagse Curriebeker-wedstrye - na eendagkitskrieket. Howel die Nissan-dagwedstryde en die Benson en Hedgesaandwedstryde vir die fynproewer darem te opgekikker is, is dit die soort krieket wat die stadions volpak en die geld laat inrol.

Die ware toets van krag bly steeds die driedag-wedstryde, maar vir toeskouerpret en louter opwinding is daar niks wat by die eendag-wedstryde kom nie. Dis vinnig en daar is 'n uitslag, dikwels met die laaste bal. Dit is meer in die aard van ons Suid-Afrikaners.

Krieket is die onvoorspelbaarste van sportsoorte. In eendag-krieket is dit nog meer so. Daarom moet mens maar liefs nie probeer om kampioene te voorspel nie.

Ná die eerste twee rondes van Curriebeker-krieket is die kampioen, die OP, met 32 punte en die WP met 30 in hul onderskeie afdelings voor. In die OP se afdeling jaag Noord-Transvaal met 30 hom, terwyl die Vrystaat met 13 uitgesak het.

In die WP se afdeling is Transvaal met 28 op sy hakke terwyl Natal met 12 punte aan die agterste speen suig.

Van Kersnaweek tot en met die vyfdag-eindstryd van 26 tot 31 Januarie aanstaande jaar is daar vyf naweke agtereenvolgens weer Curriebekerkrieket. Dan sal ons weet wie die ware kampioen is en wie die manne gaan wees wat teen die Engelse toerspan speel.

Ek kan nie met die kaptein van Noord-Transvaal, Lee Barnard, saamstem met sy bedenkinge oor die Curriebeker-stelsel nie. Lee sê met die oorkruiswedstryde teen die spanne in die ander afdeling kry 'n kaptein nie sy manne behoorlik gemotiveer om enduit te veg nie, want 'n nederlaag maak tog nie saak nie.

Juis, daarom vat 'n span die punte wat hy kan kry in die oorkruis-wedstryde en hy kan selfs dobbel met beurtsluitings om 'n uitslag te bewerkstellig en die 15 punte vir 'n regstreekse oorwinning te probeer bekom. Dit sorg vir goeie, aanvallende krieket en minder onbesliste uitslae.

Die oorkruiswedstryde is nou feitlik almal afgehandel en dan volg die wedstryde teen die spanne in jou eie afdeling oor 'n dubbele ronde tuis en weg. Dan is dit in 'n span se eie hande om bo in sy afdeling te eindig.

Dit is die twee spanne wat bo eindig in die twee afdelings wat in die eindstryd teen mekaar speel. As dit weer die OP en Transvaal is, soos dit nou lyk, is die eindstryd op die Wanderers, omdat dit verlede seisoen in die Baai was. Andersins sal daar geloot word oor waar die eindstryd plaasvind.

Anders as die Curriebekerwedstryde is die Nissan-wedstryde wat die afgelope week begin het, 'n uitklopkompetisie. 'n Span wat in die vroeë rondes verloor, is uit.

Die kwarteindstryde, wat dié naweek begin, is oor twee bene, tuis en weg, met selfs 'n derde wedstryd, sou elke span een wen. So ook die halfeindstryde van 11 tot 19 November en die eindstryd van 25 November tot 3 Desember.

Nissanwedstryde is oor 55 boulbeurte. Elke bouler mag net 11 boulbeurte boul. Dit is waaroor krieket se puriste kla, dat, anders as in Curriebeker-wedstryde, kan 'n kaptein nie sy boulers aanwend so lank as wat hy wil nie. Daarby is daar ook beperkinge op sy veldplasings.

Ongeag wat die kenners sê, dit is dié soort krieket wat die toeskouers wil hê.

Die Benson en Hedges-aandreeks, wat volgende week begin, is selfs meer opgekikker. Hier het 'n span net 45 boulbeurte. Benewens dat elke bouler net nege maal boul, is daar ook 'n beperking van 15 meter op sy aanloop.


Anders as die Nissan-kompetisie word die Benson en Hedges op ligagrondslag beslis met die vier spanne wat bo-aan die punteleer eindig wat in Maart aanstaande jaar in halfeindstryde teen mekaar sal speel. Die eindstryd op 30 Maart is slegs een aandwedstryd.

Dit is veral oor die Benson en Hedges-wedstryde wat onder spreiligte met 'n wit bal gespeel word, waarin die spelers helderkleurige klere dra en die luidsprekers 'n kakafonie van musiek uitblêr dat die ou krieketgeeste gal braak. "It's just not cricket, old chap," het jy meermale gehoor.

Soos met feitlik alle sportsoorte het geld die hardste gepraat, en vir die toeskouers is gegee wat hulle wil hê. Die Benson en Hedges-reeks bring meer geld as selfs die Nissanskildreeks in.

Die WP is die huidige Nissankampioen en die Vrystaat die Benson en Hedges-kampioen. Of hulle dit gaan behou, is 'n ander vraag. Omdat eendagkrieket so kort is, kan een kolwer of een bouler die wedstryd eiehandig wen. Daarom dat spanne wat swak vaar in die Curriebeker vir yslike verrassings in die eendag-wedstryde sorg.

# *Wie's die grootste: Mitchell of Player?*



**Charles Ochse**

BRIAN MITCHELL, Suid-Afrika se wêreldkampioen, behoort Sondag vir 'n rekord vierde keer as Suid-Afrika se Sportman van die Jaar gekroon te word. Hy kan egter kwaai teenstand verwag van atletiek se meisies van Satyn en Staal.

Die atletiek-ouens maak heftig voorbrand vir hul Frith van der Merwe, Evette de Klerk en Myrtle Bothma. As die Randse sportskrywers by hul maatstaf van internasionale prestasie hou, kan daar maar net een wenner wees, onse Brian.

Veral die Kapenaars is jare al ontevrede omdat die Randse Sportskrywers hulle dit aanmatig om Suid-Afrika se Sportman van die Jaar te kies. Watter kenners hom ook al kies, maak seker nie soveel saak nie, solank hulle net die regte man kies.

Ek het straf verduur omdat ek dit durf waag het om Brian met Gary Player te vergelyk as ons grootste sportster van alle tye. Die atletiekmanne sê daar is tot vier wêreldkampioene in elke gewigsafdeling; daarom is dit nie 'n ware maatstaf nie, want daar is nie vier verskillende stophorlosies in atletiek nie.

Reg, maar nie een van ons meisies hou 'n wêreldrekord nie - hoe trots ons ook al op hulle is en hoe graag ons 'n meisie wil laat wen.

Die gholf-ouens wat vir David Frost gaan stem, is die boosste oor my Player-stelling. Dit is so dat gholf 'n sport is wat meer tegniek, vaardigheid en vernuf vereis, terwyl boks meer fisiek is en dus groter liggaamlike fiksheid verg.

Ek glo steeds dat boksers die fiksste van alle sportlui is. Dit kan nie anders nie, want hoe kan 'n bokser al daardie houe teen sy kop en lyf verduur as hy nie topfiks is nie?

Maar die grootte van die sportsoorte in wêreldkonteks moet vergelyk word. Hoe meer deelnemers daar is, hoe moeiliker is dit om bo uit te kom en bo te bly. Wêreldwyd is boks seker 'n tien keer groter sportsoort as gholf. Ons praat nie nou van die ouens wat Sondae 'n paar putjies vir ontspanning speel nie.

Nee, dit gaan oor mededinging op kampioenskap-vlak. In dié opsig is daar hele kontinente waar gholf 'n relatief onbekende sportsoort is.

Vat nou maar Suid-Amerika waar miljoene der miljoene mense sokker en boksmal is. Of die Verre Ooste waar veral die Japanners in die ligter gewigsafdeling uitblink. Of die res van Afrika waar boks 'n groot sport is, maar 'n gholfstok nogal taamlik onbekend is.

In dié lig bekyk, is Brian se prestasies mos net so groot, indien nie groter nie as dié van Gary Player. Albei het boonop reuse ambassadeurswerk vir Suid-Afrika gedoen.

Hoe bitterlik moeilik dit is om 'n wêreldkampioen in boks te word, het Siza Makhatini ook verlede naweek agtergekom. Brian, wat langs die kryt was om kommentaar te lewer, was baie verontwaardig. Hy het gesê mens kry net een so 'n kans in 'n leeftyd soos Siza gehad het.

Brian het gesien hoe Siza vir tien rondes lank die Brit Glenn McCrory, eintlik 'n boksles gee. En toe het hy, volgens Brian, in die voorlaaste ronde sommer gaan sit.

Van die ander kant gesien, het McCrory besef sy titel is besig om uit sy hande te gly en hy moet nou eenvoudig net met 'n uitklophou kom. Dit is die verskil tussen 'n ware kampioen en 'n gewone uitdager.

Dit is wat Brian meer as enige ander Suid-Afrikaanse bokser ook het. Hy veg om sy titel letterlik asof sy lewe daarvan afhang. Daarom verdien hy baie meer erkenning as wat hy kry.



Luister mooi na wat die ANC-leiers op hulle welkomtuis-saamtrek op Sondag 29 Oktober sê,
en besluit self of jy verhoed moes word om te hoor wat hulle en ander ingeperkte organisasies en mense die afgelope 30 jaar al sê.

**Ons eis die onmiddellike afskaffing van alle beperkings wat vryheid van spraak inkort**

Aksiegroep teen Sensuur
Posbus 260425,
Excom
2023
Tel (011) 331-3517

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 27 Oktober 1989



'n Oorsigtentoonstelling van die Suid-Afrikaanse skilder Gerard Sekoto word Dinsdag 31 Oktober deur prof. Es'kia Mphahlele by die Johannesburgse Kunsmuseum geopen. Sekoto se werk sal tot 10 Februarie aanstaande jaar daar te sien wees.

# Harry se vroue oorleef in Mayfair



Ilse van Hemert speel Kat in "Antjie Somers and I"

**Ryk Hattingh**

TERWYL Deon Opperman die verflenterde psige van die Afrikaner in die Adcock Ingram-Teater by die Windybrow verken, bring Harry Kalmer in sy jongste toneelstuk, "Antjie Somers and I", wat môreaand in die Dalro-Teater open, hulde aan die vroue wat 'n invloed op sy lewe gehad het.

Dinsdag het ek 'n kleedrepetisie, wat drie-uur die middag moes begin, gaan bywoon. Dié repetisie het nie drie-uur begin nie, want Bob Martin, Truk se fotograaf, moes foto's vir die ingangsportaal en die pers neem.

Die fotosessie verloop plesierig.

Antjie Somers (Natania van Heerden), die hoofkarakter in Kat (Ilse van Heemert) se boeke, staan op die vensterbank. Sy lyk soos Rider Haggard se She en skree by die venster uit: "Dis hoe julle baklei julle fascistiese varke. Twee aanvalsvoertuie teen een weerlose vrou!"

"Nice, nice. Do it again!" Díe fotograaf weet eers waarna hy soek as hy dit sien. Antjie Somers herhaal die toneel.

Later lê Lisa (Susan Danford) in Antjie Somers se arms. Kat is ook daar. Bob Martin neem foto's van die aborsie-toneel.

"Elke keer as ons die scene doen, voel dit asof ons by 'n klein roadhouse is. Êrens in Suid-Amerika," sê Natania.

"Antjie Somers and I" speel af in Edelweiss (Mitzi Booysens), 'n lesbiese vrou wat graag 'n baba wil hê, se huis in Mayfair. "Kom na Edelweiss se huis vir die ellendiges, versteurdes en die geestelike gekrenktes."

Hoekom Mayfair en nie Yeoville nie? wou ek by die dramaturg weet. "Mayfair is meer marginaal as Yeoville. Die lewe is nie so gemaklik daar soos in Yeoville nie. Dis minder trendy."

"Antjie Somers and I" is in Yeoville (op Victor Munnik se woordverwerker) geskryf. Dit handel oor die vrou se vermoë om te oorleef, en as 'n vrou dit in Mayfair kan doen, kan sy dit op enige plek doen.

Ilse van Hemert en Jacqui Singer gaan sit op 'n rusbank op die stel. Die twee gesoute akteurs/regisseurs moet poseer vir 'n laaste foto. Van Hemert het Kalmer se eerste toneelstuk, "Bloed in die strate", geregisseer. Nou vertolk sy die rol van Kat, die skrywer van 'n reeks Antjie Somers-boeke waarvan die Engelse vertalings beter as dié in die oorspronklike Afrikaans verkoop.

Jacqui Singer is die regisseur van "Antjie Somers and I" - haar derde Kalmer-produksie.


Die foto-sessie is verby. Bob Martin pak sy kameratoerusting op en loop. Susan Danford lê op die vloer en dit lyk of sy asemhalingsoefeninge doen. Henriëtta Gryffenberg pas 'n T-hemp aan. Jacqui Singer kom sit langs my en praat oor die stuk.

"Ons wou van Koos se musiek gebruik, maar hulle wil dit self vir 'n ander projek hê. Toe gebruik ons maar Mozart. Daar is baie musiek in die stuk. En 'n antwoordmasjien."

Sy vertel van die petrolbom wat deur die venster gegooi word en die gordyne brand. Dit is Mayfair, onthou. En van Ossewania, die crimpelene Jukebox wat 'n orgasme tussen die duine by Koeberg gehad het.

Dié huldeblyk aan vroue wil ek nie misloop nie.

* "Antjie Somers and I", 'n tweetalige stuk ontwerp deur James Macnamara, word van 28 Oktober tot 25 November in die Dalro, Windybrow opgevoer word en van 30 November tot 9 Desember in die Momentun, Staatsteater Pretoria.



Simon Crowther tydens 'n repetisie van "Unknown Territory".

# Truk-Ballet dans na 'n ander deuntjie

**WAT ballet van twee van die twintigste eeu se belangrikste choreograwe (Balanchine en Ashton) moes gewees het, is nou ballet van één van dié eeu se belangrikste choreograwe (Ashton). Nie dat oorlede Choo San Goh se werk nie dalk nog van die belangrikste gaan word nie.**

**Weens probleme met musiekregte moes Truk-Ballet hul beloofde "Who Cares?" van Balanchine (wat gedans word na liedere van George Gershwin met lirieke van broer Ira) vervang deur die Chinese choreograaf Choo San Goh se "Unknown Territory".**


**Verteenwoordigers in Amerika het die regte onttrek, volgens 'n verklaring van Truk. Dit wil lyk of dit eerder Ira se woorde is wat probleme gee as broer George se wysies, want Kruik het byvoorbeeld geen probleme met uitvoerregte vir Gershwin-musiek nie.**

**Kruik-Ballet voer juis vanaand Norman Furber se "Rhapsody in Blue" (na George se gelyknamige musiekstuk) uit.**

**Transvaalse balletomane kan egter steeds môreaand, volgende Dinsdag en Donderdag twee van sir Frederick Ashton se meesterstukke in die Opera van die Staatsteater Pretoria sien.**

**Die middelste stuk is "Monotones" wat ses jaar laas hier gedans is. Dié ballet bestaan uit twee voortreflike pas de trois wat in 1965/66 deur Erik Satie getoonset is.**

**Die ander stuk van sir Frederick op die program is "Les Patineurs" wat na 'n lang afwesigheid twee jaar gelede weer in Truk-Ballet se repertorium opgeneem is. Hierdie gevatte voorstelling van 'n skaatsparty word na die ryk melodië van Meyerbeer gedans.**



# Goue medaljes net waar jy kyk!

**BJ LANKWARDEN skryf oor Robertson se Markklaarwynskou**

DIE resultate van die Robertson Markklaarwynskou (vir dié wat nie hierdie Afrikaans verstaan nie: dit is die Robertson Bottled Wine Show) is onlangs vrygestel.

As jy 'n paar keer 'n beoordelaar op so 'n skou was, kry die medaljes spesiale betekenis.

Soms maak die paneel van beoordelaars foute, soos dié keer toe 'n 100 persent Cabernet Sauvignon van Klein Constantia deur die Stellenbosse Bottelwynskou afgekeur is omdat dit dan kamstig Pinotage bevat het.

Dit kan gebeur wanneer die keurpaneel nie 'n groot genoeg verskeidenheid beoordelaars bevat nie. Dit was nie die geval in Robertson nie, waar die paneel bestaan het uit wynmakers van ander distrikte, prominente wynkenners, erkende wynskrywers en wynhandelaars. Dit is 'n baie goeie kombinasie en net 'n topklaswyn kan dan 'n goue medalje wen.

Waar Robertson in die verlede as soetwynland beskou is, kan vandag se inskrywings net sowel van enige ander streek gekom het.

Daar was die gewone presteerders soos Rooiberg Koöp en Roodezandt Koöp, maar tog het die Weltevrede Landgoed niks minder as ses dubbele goue medaljes gewen nie.

Elke kategorie is deur vyf beoordelaars beoordeel - wanneer al vyf beoordelaars 'n goue medalje toeken word dit 'n dubbele goue medalje.

Dit is baie duidelik dat nuwe tegnologiese verbeteringe en die groot werk wat deur die Robertson Wyntrust gedoen word binnekort hierdie goeie wynstreek sy regmatige plek sal gee.

Aangesien 'n gebottelde wynskou te doen het met wyne wat wat beskikbaar is, is dit 'n belangrike skou. 'n Jongwynskou kan groot wyne vertoon, maar die publiek sal nooit weet waar hierdie wyne eindig nie. Een plaas kan 'n klein hoeveelheid wyn lewer wat pryse wen asook 'n groot hoeveelheid middelmatige dronkwordwyn.

Die boer kan dié klein hoeveelheid gebruik om 'n groot hoeveelheid te verbeter, of dit aan 'n groothandelaar verkoop. Baie min sal dit bottel.

Bon Courage Landgoed het dubbele goud verwerf met hulle 1987 Blanc Fumé en 1988 Bouquet Blanc - albei aan die droë kant. Aan die soeter kant het hulle nog twee dubbele goue medaljes verwerf vir die 1984 Wit Muskadel en die 1988 Rooi Muskadel. Wel gedaan!

Danie de Wet het twee goues gewen vir sy De Wetshof 1988 Sauvignon Blanc en die 1988 Rhine Riesling.

Van Loveren Kelders het 'n dubbele goud ontvang vir hulle 1989 Chardonnay en die 1989 Spesiale Laat Oes. Laasgenoemde wyn is een van my persoonlike gunstelinge. Rietvallei Landgoed het 'n dubbele goud ontvang vir die 1985 Rooi Muskadel en ek sien daarna uit om Johnnie se Chardonnay een van die dae te drink.

Robertson Koöp het 'n dubbele goud gewen vir hulle 1989 Sauvignon Blanc en Rooiberg Koöp het niks minder as nege dubbele goue medaljes uit 'n groot klomp inskrywings gewen nie.

Die wenners hier was die 1986 Vinkrivier Riesling, 1985 Robertson Weisser Riesling, 1986 Robertson Edel Laat Oes, 1986 Robertson Roodewyn, 1985 Vinkrivier Hanepoot Superieur, 1986 Robertson Hanepoot Superieur, 1987 Blanc Fumé, 1989 Rhine Riesling en natuurlik die 1986 Oupa se Wingerd Rooi Muskadel, een van die beste muskadels wat hier geproduseer word. Lourens Jonker kry uiteindelik die erkenning wat hy lankal verdien!

Robertson is 'n gebied om baie noukeurig dop te hou, veral omdat hulle pryse jou nie afslag nie.

# Aspersies - die murg van die aarde

BJ LANKWARDEN, die wynskrywer op hierdie blad wat van Holland af kom, vertel die storie van die aspersie-restaurant in Holland waar hy een keer geëet het.

Hy sê dis 'n tweester-restaurant in die Michelin-gids, wat beteken dis baie beter as enige restaurant wat ons in hierdie land het.

Die restaurant se naam is De Hamert en is in Venlo aan die Maasrivier. Waar die Maasrivier in Holland is kan ek nie onthou nie - ek weet nie of ek dit ooit gesien het nie in die paar weke wat ek daar deurgebring het.

'n Restaurant wat ek wel kan onthou - en waar ek nie geëet het nie weens gebrek aan gulden - was 'n hele klompie kilometer buite Amsterdam. Hoe ek daar gekom het kan ek nie onthou nie, maar ewe skielik staan ek voor 'n windmeul.

Ek stap nader en sien 'n spyskaart by die ingang. My mond begin water. Daar is omtrent vyf foie gras-resepte op die spyskaart - voorgeregte en hoofgeregte - maar toe ek die pryse sien draai ek om en loop.

(Vir die van ons wat nie weet nie, foie gras is die lewer van ganse en eende wat geforseer word om te eet. 'n Hele paar keer 'n dag word mieliemeel met 'n spuit in hul kele ingespuit.

Dit laat hul lewers uitswel dat dit so groot soos 'n opgeblaasde ballon word.)

Dié aand in Amsterdam kyk ek in my Michelin-gids en hier is die naam van die windmeul-restaurant - eenster, wat baie beter is as enige van ons eie restaurante, insluitende Linger Longer, waaroor ek onlangs geskryf het.

Vyf van die geregte is foie gras? Dis darem 'n bietjie baie, dink ek.

Maar BJ se storie vat die koek oor hoe die Hollanders dinge oordryf.

Uit die De Hamert sien jy bote heen en weer ry, en jy het ook 'n uitsig oor wingerde en beeste wat wei.

En die goue son en die diepblou lug. BJ laat dit na 'n Van Gogh-skildery klink (die son wat ek in Holland gesien het was nie baie goud nie en die lug nie baie blou nie).

Ewenwel, BJ en sy vriende eet toe die volgende: helder aspersiesop, koue aspersies, toe aspersies met eiers, toe aspersies met ham en toe aspersie-sorbet.

En intussen het hulle wyn en bier gedrink wat nie van aspersies gemaak is nie maar darem aan aspersies opgedra is.

Dis nou wat ek erg noem, maar ek sou my regteroor (of is dit linkeroor?) gee - soos Van Gogh - om aspersies daar te eet. BJ sê dit was net spierwit Franse aspersies - nie die groenes wat ons hier kry nie.

Die restaurant-eienaar het 'n stuk karton met verskillende grotes gate daarin.

Aspersies moet presies in hierdie gate pas voordat hy dit koop, sodat almal ewe dik en ewe lank is wanneer hulle op jou bord verskyn.

En nou Van Holland af Suid-Afrika toe. Fanie de Villiers skryf 'n brief aan my en sê hy is "nie juis bedrywig in die kombuis nie".

"Elke oggend kook ek water vir koffie saam met die Bokomo-beskuit, en saans voor ete moan my girl-friend dat ek die krummels moet kom verwyder waar ek brood gesny het, maar nogtans is jou rubrieke een van die eerstes wat ek elke week lees..."

Dankie vir die kompliment Fanie, maar kan ek van jou 'n guns vra? Gaan koop 'n pakkie groen aspersies, en maak dit vir jou meisie gaar. Hulle is nou op die mark en hulle is heerlik. Dis nie moeilik om dit te berei nie, maar jy moet weet hoe.

Vergeet maar van geblikte aspersies. Dit het moontlik 20 persent van die smaak van die ware jakop.

Die enigste lekker geblikte aspersies wat ek geëet het, was in Ficksburg in die Vrystaat.

Daar is heelwat aspersieboere en die beste aspersies word geblik en uitgevoer.

Dis 'n paar van hierdie blikke wat my oorle vriend Gerrie persent gekry het.

Dit was baie dik aspersies - ek wonder of daar sewe in 'n blik gekom het - maar tog murgsag, en aan die smaak kon mens nog agterkom dit was aspersies.

Dis egter uitvoer-aspersies. Die variasie wat nie uitgevoer word nie, kan jy gerus in die asblik gooi.

Ewenwel, hier het jy jou pakkie pragtige groen aspersies. Wat maak jy nou daarmee?

Plaas 'n aspersie op die afgesnyde kant op 'n kapblok en skil dit versigtig met 'n aartappelskillertjie af.

Oppas dat jy nie die koppies beskadig nie. Indien daar blaartjies om die koppies is, moet jy dit versigtig verwyder.

Alle aspersies moet geskil word, al is hulle ook hoe jonk. Selfs die jongetjies het 'n draderigheid aan hulle wat jy moet afhaal.

Plaas die aspersies soos jy hulle afskil in 'n bak met koue water, maar moet hulle nie lank daarin laat lê nie. Dreineer die aspersies en bind hulle in bondels van omtrent agt met 'n stukkie tou.

Kook water waarin jy 'n goeie handvol sout gooi (die boek sê een en 'n kwart teelepels sout per liter). Plaas die aspersies daarin. Ons eie dunnerige aspersies kan jy 10-12 minute lank kook. Dik aspersies moet langer kook. Onthou egter een reël: eerder te rou as te gaar.

Haal uit die pot en plaas 'n paar sekondes lank in 'n tweede pot met kookwater met min sout.

Maak die tou los en dreineer die aspersies. As jy koue aspersies wil hê kan jy hulle laat afkoel en later in die yskas plaas.

Bedien andersins onmiddellik. Lê die falliese simbooltjies netjies langs mekaar en gooi gesmelte botter daaroor. Eet hulle met die hand.

Dis 'n belediging om aspersies met 'n mes en vurk te eet. Fanie, ek is seker jou meisie sal 'n bordjie aspersies waardeer.

Koue aspersies kan met 'n goeie slaaisous of 'n ligte mayonnaise bedien word en warm aspersies met 'n velouté-sous, 'n hollandaise- of 'n mousselline-sous bedien word.

Hier is 'n resep vir hollandaise:

*1 eetlepel wit wynasyn*
*3 eetlepels water*
*'n knippie fyn witpeper*
*3 eiergele*
*225g goeie ongesoute botter*

Nou moet ek vinnig verduidelik want die ruimte raak op: Plaas die asyn, 'n eetlepel water en die peper in 'n klein kastrolletjie. Verhit en laat die afkook tot net 'n teelepel oor is. Laat die mengsel afkoel.

Voeg nou die eiergele en twee eetlepels koue water by. Klop met 'n draadklopper en verhit stadig. Klop aanhoudend oor die hele oppervlak van die kastrol sodat al die eiergeel ingesluit word.

Dit is makliker om dié sous te maak in 'n dubbelkastrol met sterk warm water wat nie kook nie. (Selfs 'n aluminium-dubbelkastrol is vandag al duur.)

Die eiergeel sal langer neem om gaar te word, maar die kanse dat die eier sal skif is skraler.

Wanneer die eiermengsel so dik soos dik room is kan jy die gesmelte botter stadig by die mengsel begin voeg.

Klop aanhoudend en sweet maar 'n bietjie. Jy kan die botter ook blokkie vir blokkie byvoeg, maar smelt dit eerder. Voeg 'n knippie sout by.

As die sous te dik raak kan jy 'n paar druppels warm water byvoeg. Nou het jy 'n goed-gegeurde, ligte hollandaise-sous.

Die geheim van hollandaise is die ghries in jou elmboog.

Pas die smaak aan en hou oor lae hitte warm. Te veel hitte laat die botter en eiergeel skei.

Wanneer dit gebeur kan jy 'n eetlepel lou water in 'n kastrol gooi en die sous bietjies-bietjies inklop. Dan vorm dit weer 'n emulsie. (Mayonnaise wat skif word op dieselfde manier reggedokter.)

Jy kan die asyn met suurlemoensap vervang.

Gooi die sous oor die warm aspersies en eet die murg van die aarde, Fanie.

KOOS COETZEE

HARRIDANS RESTAURANT
by die Mark-Teater
Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag
vir
middag- en aandete
Saterdae
slegs aandete
Mark-Teater
Breëstraat, Newtown
Telefoon 838-69660

Onthou...
Koala Blu Restaurant
bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië
Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8

Ming's PLACE
Chinese Restaurant
Pleinstraat 100
Johannesburg
Tel: 337-7175
Uitgebreide Chinese en Koreaanse à la carte-spyskaart sowel as die enigste Chinese buffet in Suid-Afrika.
Parkering beskikbaar indien dit saam met die bespreking gereël word

# David Kramer se nuwe eina is 'n lekker eina



**Charles Leonard**

DIS 'n anderster "Eina!" dié. Dis 'n "Eina" wat jou laat kreun van lekkerkry. "Eina" is almal se pêl, die fietsryer wat nie aan die Rapporttoer gaan deelneem nie, die persoon wat rooi vellies respektabel gemaak het, ou David Kramer, se nuwe langspeler wat Maandag op die rakke verskyn het.

Sondagaand het die man met die biltongarms die rusdag-blues verjaag met die media-"launch" - in sy geval kan 'n mens dit seker as "opstuur" vertaal - van sy nuwe plaat.

Dit was in die vorm van 'n eenpersoon-vertoning in die Leonard Rayne-Teater in Johannesburg. Dit was net David en sy akoestiese kitaar. "One man, one throat," het hy dit genoem.

Met groot ronde stout oë wat onder 'n swart hoed uitloer, het hy agter die swaar gordyne uitgekom en ons vermaak met 'n klomp nuwe karakters wat vasgelê is op die viniel van "Eina".

Geklee in sy kenmerkende rooi vellies, 'n bruin BROEK wat nou nie juis sy kurwes afgewys het nie, 'n gemaklike wit hemp met rooi treinspoortjies op, 'n fancy swart drieknooponderbaadjie, 'n rooi das met sulke wit waaiertjies - die soort wat jou ouma haar altyd mee koud gewaai het - en ses lagplooitjies per oogbank. Om sy nek was 'n nuwe bruin kitaar met prentjies van 'n bobbejaan, 'n likkewaan, 'n oliekan-kitaar, 'n bok, 'n konsertina, 'n luiperd, 'n fiets en 'n lappop.

Hy het die mense letterlik laat eina kry van die lag met die stories wat al die liedjies vergesel. Die liedjies self vertel van die mense van Namakwaland, vir wie David so lief is.

Daar is Piet Mockingbird wat ál die talentkompetisies in sy kontrei gewen het. Sy meisie se naam was Babbelbek. Jy gee haar een dop en sy praat Engels wat nog steeds na Afrikaans klink, sê David.

Die feit dat hy 'n enkelpersoonvertoning gehou het, het hom aan Michelangelo laat dink wat alleen die "ceiling" van die Sistynse kapel geverf het terwyl baie ander Italiaanse verwers sonder werk gesit het. Dit het hom dertig jaar geneem. Hoekom het hy dit só gedoen? "Cos he's a poepol!" reken David, want sy swaer kan alleen 'n toilet in 'n kwessie van 'n naweek verf.

Sy beste storie was oor sy beweerde ontmoeting met Paul Simon toe dié hier was om plate saam met ons plaaslike kunstenaars op te neem. Ek sê "beweerde", omdat die storie later na 'n polisie-reservisstorie begin ruik het.

In elk geval, die storie wat hy so saam met sy liedjie Biscuits en Biltong vertel: Hy was in Johannesburg toe hy vir Paul Simon in een van die ateljees ontmoet.

"Ek was een van die min Suid-Afrikaanse kunstenaars wat bevoorreg was om nie 'n plaat saam met Paul Simon op te neem nie!"

David nooi toe in elk geval vir Simon uit om by hom in die Kaap te kom kuier wat hy en sy bestuurder toe ook doen.

"Ek wys hulle toe die Skiereiland met my volksie-bus, ek kon nie my fiets gebruik nie, want dit sou snaaks gelyk het met Paul op die 'frame' en sy bestuurder op die 'carrier'.

"By die botaniese tuine het ek toe my wonderlikste ervaring in my loopbaan as kunstenaar. Toe ons daar aankom, was daar 'n toerbus van die Transvaal af. Ek het handtekeninge uitgedeel terwyl Paul Simon moes toekyk!

"Ná die tyd hou ons toe visbraai by my huis en Paul sing so 'n paar van sy nuwe Graceland-liedjies. Hy vra my toe om ook iets te sing en al waaraan ek toe kon dink was dié liedjie: 'Biscuits en Biltong/ Ek is 'n weskusklong'.

"Paul vra my wat ons die musiek noem. Die 'West Coast Sound' vertaal ek dit toe vir hom."

Met sy straight gesig vertel David verder:

"Ou Paul hou toe so van my musiek dat hy 'n kasset van my eerste LP, 'Bakgat', saamvat terug Amerika toe.

"Groot was my skok toe ek so 'n paar weke later 'n oproep van New York af kry van niemand minder as Bob Dylan nie. Hy't blykbaar by Paul gaan kuier en op my musiek afgekom en ook daarna geluister.

"Hy wou weet of hy Biscuits en Biltong kan opneem. 'Ou Bob, stuur eers 'n demo daarvan en ek sal besluit' sê ek toe.

"Hy doen ook só en dis hoe dit klink ..."

Hier doen David toe 'n perfekte namaaksel van Dylan se nasale geneul. Dit was ook hier wat ek besef het ou David het ons almal vir 'n ride gevat met sy lekker storie.

Sy vertoning, soos sy nuwe plaat, weerspieël die twee nuwe rigtings wat hom by sy nuwe plaat uitgebring het.

Die een is hoe om rap-tegnieke te gebruik en die ander is om liedjies te sing wat tekenend is van die noordwes-Kaapland.

Duiwel de Wet is een van die rap-liedjies. David vertel dat die grootste deel van dié liedjie op 'n vliegtuig op pad Los Angeles toe geskryf is.

Dit is 'n skreeusnaakse liedjie wat gebaseer is op die storie van 'n ou wat 'n bank op Beaufort-Wes beroof het. Hy het op die trein gespring vir sy "getaway". Teen die tyd dat hy op De Aar aankom, het die polisie reeds daar vir hom gewag.

David se weergawe gaan oor Duiwel de Wet met sy spierwit vel en sy helder oranje hare. "Hy lyk nes 'n filtersigaret."

Die idees vir die meeste Namakwaland-stories het hy gekry toe hy en sy broer, John, 'n skilder, Desember na dié streek toe is om so 'n bietjie weg te kom.

"Dit was ongelukkig nie moontlik nie, want elke keer as ons op een van die klein dorpies stilgehou het, het iemand sy hand deur die motorvenster gesteek en gesê: 'Hallo ou David'."

Dáár het David die stories van wonderlike karakters soos Dawid Ryk, die Meisie sonner sokkies, Piesang en Piet Mockingbird opgediep.

Die hoogtepunt van Sondagaand se konsert was ongetwyfeld Meisie sonner sokkies, wat David met sy self-spottende gatswaai gesing het. Daarmee saam het hy 'n "suggestiewe" pelvispluk so op die "Uh! uh! uh!" van die koortjie gegee. Heerlik!

Ander goeie nuus is dat dié stukkie musikale plesier nie net op plaat en kasset beskikbaar is nie, maar ook op CD vir die bevoorregtes onder ons.

Nóg goeie nuus is dat die Weskusklong na 'n lang skaarste terug is op die verhoog. Hy en sy nuwe groep tree van 5 Desember tot 6 Januarie in die Baxter in Kaapstad op. Planne vir ander konserte is in die pyplyn, maar finale datums is nog nie bekend nie.

## Ry by dié padkafee verby

**Roadhouse - Verskeie Kunstenaars (5)**

Wat dié klankbaan red, is die verstommende Kanadese wonderkind, Jeff Healey en sy groep.

Healey (22) is met oogkanker gebore en sedert hy een is, blind. Hy het die blues-wêreld gaande gehad met sy debuut, "See the Light".

Sy unieke manier van speel, met die kitaar soos 'n klawerbord plat op sy skoot, sorg dat sy duim vry is om saam met sy vier ander vingers op die kitaarnek te speel.

Hy maak selfs 'n musikale vertoning in dié rolprent en dit sal hom hopelik aan 'n wyer gehoor bekend stel.

Vier van die tien snitte op die plaat behoort aan Healey en kie. Een van hulle, Roadhouse Blues, is heiligskennis. Jy los eenvoudig The Doors se musiek uit.

Selfs al is jy so 'n begaafde kitaarspeler soos Healey, maar jy het nie die unieke stem nie, vermy jy ten alle koste om te sing wat deur die Lizard King, Jim Morrison, gesing is.

Die ander drie snitte is manjifiek, met die Willie Dixon-classic, Hoochie Coochie Man, die elektriese klimaks.

Die enigste ander twee snitte op die plaat wat gangbaar is, is dié van Otis Redding en Little Feat.

Patrick Swayze, wat die hoofrol in die fliek speel, sing selfs op twee snitte.

As jy gedink het hy kan nie toneel speel nie, moet jy hom hoor sing! Of dalk liewer nie...

Gaan koop eerder die Jeff Healey Band se "See the Light". Dit is baie beter waarde vir geld.

**Eina - David Kramer (8)**



Jeff Healey

Dit is die wonderlike klein maergat se eerste langspeler in vier jaar. Dit was hoog tyd ook.

Na die uitstekende, morbiede "Baboondogs", wat gegaan het oor die pyn en die bloed waarvoor die apartheidsamelewing sorg, het Kramer teruggegaan "basics" toe.

Maar ook nie heeltemal nie. My voorspelling van so 'n week of twee terug, dat die vader van voortvarendheid, Malcolm "No scrupples whatsoever" McLaren, volgende met boeremusiek met rap-vokale vorendag gaan kom, was toe nie so vergesog nie.

Gelukkig het ons eie David Kramer dit op viniel verewig.

Aan die een kant is dit rap - wat myns insiens van die opwindendste musieksoorte van die afgelope dekade is - en aan die ander kant is onopgesmukte folk, waarmee Kramer homself so 'n huishoudelike naam as die Volksie-bus gemaak het.

Die rap-nommer, Duiwel de Wet, werk uitstekend. Die groot rede hiervoor is dat ons eie lopende Brylcream-advertensie oudergewoonte homself nie ernstig opneem nie.

Die hoogtepunt op die plaat is Meisie Sonner Sokkies met sy sooljeuk-wysie en pittige lirieke.

Ander juwele is Ou Stuk Blik, Matchbox Full Of Diamonds en Mense. Christmas In Kakamas en Dawid Ryk is van daai liedjies wat jou nie net emosioneel nie, maar ook fisies aan die hart pluk.

Die enigste liedjie wat nie werk nie is Piesang wat mens te veel aan ons eie ou nar, Leon Schuster, se drek laat dink.

Ek dink "Eina" is die belangrikste (semi-)Afrikaanse langspeler wat sedert die Gereformeerde Blues Band se "Eet Kreef" verskyn het. Kramer bewys weer dat hy een van die belangrikste musikante in ons land is.

Vat dit weg, David!

**Me and Mr Ray - Miracle Legion (8)**

Iets van Miracle Legion se musiek, veral in dié vorm, laat jou aan Simon and Garfunkel dink. Ek dink dis oor die soort musiek - folk - en die hartroerende deuntjies.

Die twee, kitaarspeler Ray Neal en sanger Mark J Mulcahy, se wortels en inspirasie groei uit die grond van die sestigerjare.

Hul melankoliese melodieë is baie subtiel. Soms is dit so terloops dat jy dit nie eens hoor nie. As dit egter eers in jou onderbewussyn kom nesmaak, besef jy watter klein wonderwerkies Miracle Legion op "Me and Mr Ray" bymekaargemaak het.

**Plate word beoordeel op 'n skaal van 1 tot 10**

